# Op pad van ’n verdeelde na ’n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening[1]

**WAM Carstens**

WAM Carstens, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

***Opsomming***

Gesprekke oor die “toekoms van Afrikaans” in Afrikaanse publikasies is nie vreemd nie. So dikwels neem dit egter ’n wroegende, verbitterde en verwytende toon aan. In hierdie artikel kom die toekoms van Afrikaans ook ter sprake, maar wel vanuit ’n ander hoek, naamlik hoe die taal se toekoms verseker kan word deur die *inklusiewe* Afrikaanse gemeenskap hierby te betrek. In watter mate die Afrikaanse Taalraad (ATR) hierdie rol kan vervul, en die werk wat hierdie liggaam sedert 2003 gedoen het, word hier bespreek. Die belang van versoening in die Afrikaanse taalgemeenskap word oorkoepelend bespreek en toegelig aan die hand van gebeure die afgelope nege jaar. Daar bestaan nog steeds groot afstande tussen sprekers van die Afrikaanse taalgemeenskap wat deur versoening oorbrug sal moet word. Versoening gebeur nie net sommer so nie; dit is ’n *proses* wat *bewustelik* bestuur moet word. Dit verg ook toewyding van die betrokkenes om dit te laat slaag en seker te maak dat dit deurgevoer word. Dit is ook nie ’n gegewe nie, maar word bepaal deur die herstel van die verhoudinge tussen die sprekers (wit, bruin en swart) van Afrikaans. Apartheid het ’n groot seer gelaat, maar die gewilligheid van die Afrikaanse taalgemeenskap om aktief by die proses van versoening en heelmaking betrokke te raak is die voorvereiste vir wat bereik moet word. Riglyne vir versoening word ook aangegee en dit blyk daaruit dat veral die menslike kant hier van belang is, omdat versoening tussen mense moet gebeur – tussen individue, maar ook in groepsverband. Die skrywer se gevolgtrekking is dat die Afrikaanse taalgemeenskap in die belang van sy eie voortbestaan nie ’n ander keuse het as om onderling te versoen nie. Eers dan kan saam ’n toekoms gebou word.

**Trefwoorde:** Afrikaans; Afrikaanse Taalraad; ATR; apartheid; inklusiwiteit; taalpolitiek; versoening

***Abstract***

**En route from a divided to a shared future in the Afrikaans language community: The role of the Afrikaanse Taalraad (ATR) in the process of reconciliation**

This article deals mainly with the issue of reconciliation in Afrikaans. What does it entail and how should one go about it when approaching this complex process? The role of the Afrikaanse Taalraad (ATR) is described in the process currently developing in Afrikaans. The article approaches the "problem of Afrikaans" from an angle not yet developed in Afrikaans, namely from the perspective of Afrikaans as an *inclusive* language. The premise is that the future of Afrikaans as a language among languages in South Africa can be assured by "opening" the language "open" to all the speakers of the language and also by including the total Afrikaans community in the process of reconciliation.

History teaches us that the politics around Afrikaans (especially with reference to Soweto 1976 and the issue of Afrikaner nationalism) lead to people seeing Afrikaans as the "language of the oppressor" and this in turn has caused huge divisions among the speakers of Afrikaans, quickly becoming an issue of white versus black. Only *people* can bridge this divide, as the language itself cannot do it. This entails that the speakers of Afrikaans as a community must be involved in making Afrikaans a language of reconciliation. We know that many speakers of Afrikaans have migrated to English due to the politics surrounding Afrikaans, and this can be rectified only by starting a process of reconciliation among the speakers of the language. This article therefore focuses on the role the ATR has played since 2003 in trying to make this possible.

The ATR started with a process which had as its aim the long-term involvement of the inclusive Afrikaans community. The process since 2003 is described and the various phases in the course of the process outlined. It is clear that a process in a divided language community does not "just happen" – rather serious interventions must be undertaken by people speaking the language. There must be a driving force behind the process and the persons involved must be dedicated to making it work in the long run. There must also be an intention from all sides of the language spectrum to become involved and to reach out to one another as the process proceeds. A prerequisite is that relations between the various groups speaking the language must be mended.

We know there still are huge obstacles to be overcome on a personal level and this must be actively managed, as reconciliation is not a given fact. This is the role the members of the ATR took on themselves and to which they dedicated themselves over a period of time. Looking back on the process it is clear that some progress has been made, especially on the level of individual relationships, and in some instances between groups of the language community, but that there is still work to be done. Therefore guidelines for reconciliation have been developed and implemented. From this the members of the ATR have learned that the human side of relationships determines the actual outcome of the process. Nothing can be taken as a given and in the light of this, determination from all sides of the ethnic and

political spectrum is required to deliver the planned result. The article concludes with the view that the Afrikaans language community must reconcile if they want their language to remain as a language in South Africa. Only if this is done will it be possible to have a future for Afrikaans.

From recent publications in Afrikaans it can be deduced that “the future of Afrikaans” is a much discussed topic. Some books, many articles in newspapers and some articles in journals tackle this topic from a variety of perspectives. Since 1976 – the year of the Soweto riots – it has become clear that Afrikaans as a language in South Africa has been under severe pressure due to the role of Afrikaans in Soweto 1976. This led Rantoa (2005) to ask why Afrikaans received special treatment: “So, what is special about Afrikaans? Why is this language being treated as something special and accorded a status higher than the other 10 official languages of this country? The truth is that there is nothing special about Afrikaans. It is a language like any other. The only ‘special’ thing about it is that it was the official language of a racist regime which tried, unsuccessfully, to ram it down the throats of all South Africans. Other than this infamous historical significance, Afrikaans is not special and should be treated as such.” This illustrates the attitude towards Afrikaans in some circles.

Since 1994 Afrikaans has no longer been one of two official languages in South Africa, but one of 11. This has seriously impacted on Afrikaans and the various speakers of the language. The white speakers of the language went into a defensive and sometimes apologetic mode. This eventually led to some speakers of Afrikaans (over the ethnic divide) tackling the thorny issue of the future of Afrikaans. The idea of having “one voice” speaking on behalf of Afrikaans was proposed, but efforts in the 1990s to establish a body taking the lead in this process did not succeed. The eventual idea of a national strategy for Afrikaans became the vehicle to further this idea. This concept was driven by individuals (who in all cases were members of an Afrikaans organisation) – they took it on themselves to create the environment in which the process can develop.

From September 2003 various national Afrikaans language conferences were held as part of the consultation process and this eventually brought about a widely consulted about, and generally agreed on, language plan (in 2005) which was implemented in due course. Various interim bodies acted as the guiding force during this time.

In May 2008 the ATR was formally established in Wellington. Since then the ATR has done much to create an environment in which reconciliation becomes a natural way of life. Looking back on the nine years of the process it is clear that much still needs to be done, but there have been successes which can be seen as markers on the road to a reconciled Afrikaans language community.

To conclude: What does it really mean to reconcile? One of the victims of a bomb explosion in Worcester in 1996 said that those who supported the system of apartheid need to apologise in a way that will *feel sincere*. “Then they need to make amends in a way that restores some of the dignity and some of the material opportunities that had been eroded under that system.”

Therefore "reconciliation" is an "expensive word" according to Wessels (2012). It is made cheap when it is used as a "politically correct" word. If it does not go together with an understanding of the pain of the past, it does not mean anything. James (2012) adds that we cannot afford not to have "the will and interest to learn about each other in a manner that will foster reconciliation". This is the main quality necessary for lasting stability, prosperity and national unity. Therefore:

We need *knowledge* of each other. We need *insight* into one another's circumstances. We need *understanding*. We need *empathy*. We need to be able to see the world through each other's eyes. It will not be easy. It will take time. It requires hard work. It requires commitment and real investment. We need to take an interest in the histories, languages, experiences and cultures of the people around us [...]. To achieve reconciliation's objectives, why not ask your neighbour to tell their stories so that everyone can begin to give a damn about one another's welfare. (James 2012)

**Keywords**: Afrikaans; Afrikaanse Taalraad; ATR; apartheid; inclusivity; language policy; reconciliation

## 1. Inleiding[2]

> "Aan die einde van die dag is ons almal in dieselfde bootjie, en ons sal mekaar moet help om daardie bootjie te maak roei, as ons die ander kant wil haal." (Le Cordeur 2012b)

> "Elke Suid-Afrikaner dra 'n verantwoordelikheid om ons nuwe nasie te bou; om alle Suid-Afrikaners te versoen en te verenig; om mekaar te verstaan, veral mense uit 'n ander gemeenskap (as ons eie)." (De Freitas 2012)

Gedagtes oor die toekoms van Afrikaans in Suid-Afrika in die politiek ná 1976 (wat 'n soort waterskeidingsjaar vir Afrikaans is), kom al 'n lang pad. As 'n mens, by wyse van die maak van 'n steekproef, kyk deur die verskeidenheid onderwerpe waaroor die D.F. Malherbe-gedenklesing die afgelope 30 jaar gelewer is, dan val dit op dat bekommernis oor die "toekoms van Afrikaans" reeds etlike kere aan die beurt gekom het – om die waarheid te sê, in 12 van die 31 lesings tot op hede (2012).

Dit blyk ook duidelik uit boeke soos Steyn se bekroonde *Tuiste in eie taal* (1980), Prinsloo en Van Rensburg se *Afrikaans: stand, taak en toekoms* (1984), Du Plessis en Du Plessis se *Afrikaans en taalpolitiek* (1987), asook Du Plessis se *En nou, Afrikaans?* (1992). Voeg hierby die lewendige briewewisseling in koerante, gesprekke en debatte oor die radio en televisie, in koerante, by kongresse en op verhoë regoor die land sedert 1980. Hieruit het geblyk dat Afrikaans se posisie in 'n verwagte nuwe politieke bedeling nie onveranderd gehandhaaf sal kan word nie. In Prinsloo en Van Rensburg (1984) is byvoorbeeld onderwerpe soos die volgende ondersoek (my kursivering): "Die *oorlewing* van Afrikaans", "Afrikaans

binne *meertalige* verband", "Afrikaans in *Afrika*", "*Stand* van die Afrikaanse taal: tans en in die toekoms", "*Gesindhede* t.o.v. taal in die onderwys in Suid-Afrika", "'n Kultuur*strategie* van Afrikaans", "Die *handhawing* van Afrikaans", "Afrikaans: die *pad vorentoe*", "Die *toekoms* van Afrikaans", "Afrikaans: 'n *toekomsblik*". In die bogenoemde ander bronne kom soortgelyke vrae aan die bod. Dit is opskrifte wat tekenend is van 'n besef dat Afrikaans se situasie nie dieselfde gaan bly nie (Carstens 2006a).

Uit die titels van die genoemde hoofstukke blyk 'n bekommernis oor die toekoms van Afrikaans in die verwagte nuwe politieke landskap – wat natuurlik eers in 1994 gerealiseer het. Die opbou na 1994 is wel merkbaar sedert die 1970's en die bekommernis en wroeging was daar vir almal om te sien:

- Wat gaan van ons taal word?
- Gaan die nuwe heersers ons duld?
- Wat van die bagasie van "verdrukkerstaal" wat Afrikaans moet saamdra?
- Sal ons skole en universiteite, ons kerke en ons howe behoue bly?
- Gaan Afrikaans nog 'n rol speel in die staatsdiens?
- Gaan ons werk kry in Afrikaans?
- Sal Afrikaans uiteindelik tot niet gaan?

In Webb se bundel *Afrikaans ná apartheid* (1992) duur die bekommernis voort met hoofstuktitels soos: "Afrikaans as *probleem*", "Standaardafrikaans in *oorgang*", "*Veranderde opvattings* oor Afrikaans sedert die sewentigerjare", "Taal, emosies en die *toekoms* van Afrikaans", "Die *demokratisering* van Afrikaans", "Die *behoud* van Afrikaans as ampstaal" en "Die *moontlike* toekomstige posisie van Afrikaans op skool". Almal hoogs relevant vir die tyd waarin dit geskryf is. Alle opskrifte (my kursivering) dui ook op bekommernis oor die pad vorentoe.

Ná 1994 duur die onsekerheid voort in Giliomee en Schlemmer se *Kruispad: Die toekoms van Afrikaans as openbare taal* (2001) en Van Rensburg se *Afrikaans – lewende taal van miljoene* (2004). Soortgelyke temas as dié hier bo kom in hierdie bronne aan die orde, net uit 'n meer eietydse hoek. Afrikaanse mense wroeg en worstel dus reeds lank en voortdurend oor hulle taal, oor die taal wat hulle hele wese verteenwoordig. Dit doen ons vandag nog steeds op talle forums.

In hierdie artikel kom die toekoms van Afrikaans ook ter sprake, maar vanuit 'n ander hoek, naamlik hoe die taal se toekoms verseker kan word *deur die inklusiewe Afrikaanse gemeenskap hierby te betrek*. In watter mate die Afrikaanse Taalraad (ATR) hierdie rol kan vervul, en die werk wat hierdie liggaam sedert 2003 gedoen het, word hier behandel.

## 2. Versoening en Afrikaans

### *2.1 Waar ons moet begin*

Die tema van versoening word mooi saamgevat in Steyn se profetiese woorde in die bundel van Prinsloo en Van Rensburg (1984). In die hoofstuk getitel "Die oorlewing van Afrikaans" sê hy:

> Afrikaans kan dit nie bekostig dat dit ('n deel van) sy blanke sprekers of ('n deel van) sy bruin sprekers verloor omdat sy kultuurskeppings, as geheel genome, nie genoeg verskeidenheid vertoon nie. *Afrikaans moet iets beteken vir sowel die konserwatiewe as liberale deel van sy gemeenskap; dit moet, sy dit in verskillende publikasies, draer bly van die ideale, belange en strewes van wit en bruin*. (1984:19–20; my beklemtoning)

In hierdie artikel word die *proses* wat met die stigting van die Afrikaanse Taalraad te make het, en al sedert die laat 1990's aan die gang is, en *versoening* ten doel het, uiteengesit. Dit gaan hier veral om die vraag hoe Afrikaans "draer [kan] bly van die ideale, belange en strewes van wit en bruin". Dit word verder ondersteun deur die vraag: Hoe kan "Afrikaans [...] iets beteken vir sowel die konserwatiewe as liberale deel van sy gemeenskap?".

### *2.2 Op pad na versoening: van 'n verdelende na 'n gedeelde verlede*

'n Belangrike voorwaarde vir die versoeningsproses binne Afrikaans is die strewe na die ontpolitisering van Afrikaans, die strewe om Afrikaans 'n waarlik getransformeerde taal van die nuwe Suid-Afrika ná 1994 te maak (Carstens 2009b). Of ons dit gaan regkry, is 'n ope vraag. Dit is inderdaad in die hoogs gepolitiseerde omgewing van die nuwe Suid-Afrika nie heeltemal so maklik om te praat oor 'n onderwerp soos die "ontpolitisering" van Afrikaans nie.

As Afrikaans as sodanig by hierdie onderwerp betrek word, word dan by implikasie gesê dat bloot die gebrúik van Afrikaans deur sommige mense reeds as 'n politieke daad beskou word. Dit het in 2008 duidelik na vore gekom in die staat se reaksie op die prokureur Cerneels Lourens se aansoek om die nasionale talewet ingestel te kry. Die destydse direkteur-generaal van die nasionale Departement Kuns en Kultuur het in sy hofstukke gesê dat die staat nie verkwalik kan word as Afrikaans nie dieselfde status as Engels het nie.

Titus (2009; my beklemtoning) haal Wakashe soos volg hieroor aan:

> Government has taken notice of the dominance of English, particularly in the business and scientific community, and has recognised that for the development of the people of the country it is in the best interest that English be used as one of the official languages for government purposes. *The applicant is essentially seeking for government to elevate Afrikaans to the level of English even though Afrikaans has not been able to establish a wider usage by the business and*

> *scientific community. Government cannot be held responsible for the fact that Afrikaans has failed to achieve a status equivalent to that of English.*

Dit is die standpunt van ’n senior regeringsamptenaar. Die huidige debat en woelinge oor die pogings om die nasionale taalwet te laat goedkeur, gee ook tekens van soortgelyke sienings deur regeringsamptenare en lede van die regerende party (vgl. hieroor o.a. Cornelius 2012a, 2012b; Cornelius en Malan 2012; De Stadler 2012; Du Plessis 2012a, 2012b; Le Cordeur 2012a; Lloyd 2011; Malan 2008, 2010, 2012; October 2012a, 2012b; Pelser 2012; Redaksioneel 2012a; Steenkamp 2012). Die punt is juis dat die nienakoming van die staat se grondwetlike verpligting – naamlik om 'n *konteks* te skep waarin meertaligheid kan gedy en waarin tale in die land (ook Afrikaans) gerespekteer en bevorder moet word (vgl. De Stadler 2012, Le Cordeur 2012a, Yitzhaki 2012: 273-6) – tot hierdie soort uitspraak lei. Dit is opvallend dat Afrikaans hier by name genoem word en nie ook die Afrikatale nie, want dit is juis hierdie soort siening wat daartoe lei dat Afrikatale nie groei soos verwag nie. De Stadler (2012) vat dit soos volg saam: “Of jy nou ’n pleitbesorger vir Afrikaans is of nie, die feit bly dat die verlies van hierdie taal as gevolg van ’n onverstandige, ongevoelige wetsontwerp uiteindelik ook vir die ander tale van Suid-Afrika ’n slag sal wees.”

In hierdie verband is dit verder opvallend dat die Minister van Hoër Onderwys onlangs gesê het Afrikatale moet by Afrikaans leer “hoe dié taal dit reggekry het om so te ontwikkel” (Joubert 2012a) – dus: gebruik Afrikaans as voorbeeld vir julle eie ontwikkeling. Reeds in 2010 het Makhanya ook gesê: “Afrikaners set a fine example championing their language” (Makhanya 2010). Wat hier dus op die spel is, is welwillendheid, naamlik welwillendheid om ook ander tale en kulture in Suid Afrika se ruimte te akkommodeer (De Stadler 2012; Makhanya 2011; Redaksioneel 2012a; Rossouw 2012). Die gebrek aan welwillendheid kan lei tot wrywing en konflik – en dit werk juis versoening en die deel van ’n gedeelde nasionale visie teen.

Prof. André Duvenhage van die Noordwes-Universiteit druk hom soos volg hieroor uit (aangehaal in October 2012a):

> Die ANC maak dieselfde fout as die apartheidsregering om sekere groepe hul taal en kultuur te ontneem en iets anders op hulle af te dwing. Wat versoening betref, sal dit beter wees om die taal eerder sterker te maak om Afrikaanses te laat voel hulle is ook belangrik.

Ampie Coetzee het in 2009 ook gesê dit kom vir hom voor asof die dood van Afrikaans voor hande is. Die openbare reaksie was dat dit nie waar is nie en ook nie sal kan gebeur nie, want daar is dan grondwetlike waarborge vir tale. Die dilemma is dat die grondwetlike waarborge nie nagekom word nie, soos duidelik blyk uit talle hofsake sedert 1995 waarin Afrikaans en ook ander tale se taalregte geskend is. Coetzee (2009) vra heel tereg hoekom daar elke keer hof toe gegaan moet word as 'n reg vir Afrikaans opgeëis wil word:

> [W]anneer ’n organisasie ’n klag lê oor die ondermyning van Afrikaans, moet die klag hof toe gaan, en dan waarskynlik ook appèlhof toe. Wie betaal? Ons kla dan maar net. Ons oueres is ook klaar baklei: vanaf 1875 was dit opdraand vir die erkenning van Afrikaans.

Webb (1997:227, my beklemtoning) wys daarop dat die taalsituasie in die land al lank gepolitiseerd is: “Dit geld veral vir Afrikaans wat onder die vorige bewind sterk bevoordeel is, en wel in so ’n mate dat dit geassosieer is met *apartheid* en dat dit beskou is as *taal van die onderdrukker*.”

Die geskiedenis is hieroor ook duidelik en wys uit dat Afrikaans die stigma dra (gedra het?) van die onderdrukkende taal, en hiermee is 'n mens pens en pootjies in die politiek. 'n Joernalis, J. Rantoa, het in 2005 in die *Cape Times* gesê Afrikaans verdien geen spesiale behandeling nie:

> So, what is special about Afrikaans? Why is this language being treated as something special and accorded a status higher than the other 10 official languages of this country? The truth is that there is nothing special about Afrikaans. It is a language like any other. The only “special” thing about it is that it was the official language of a racist regime which tried, unsuccessfully, to ram it down the throats of all South Africans. Other than this infamous historical significance, Afrikaans is not special and should be treated as such. (Rantoa 2005:9)

Van Rensburg het reeds in 1989 uitgewys dat ’n taal nie die gevolge kan dra vir die foute van sy sprekers nie. ’n Taal kies nie sy sprekers nie, maar die mense wat dit gebruik, kies dit omdat daar kommunikasie onder hulle as groep moet wees. (Vgl. ook De Stadler 2012.) Dit geld vir enige taal. Coetzee (2009) sluit hierby aan:

> In Afrikaans is daar dinge gesê, en Afrikaners het dinge gedoen, in die verlede wat afskuwelik was. Maar dis nie Afrikaans die taal nie. Hoeveel keer moet dit gesê word? Ek is seker van die aggressie teen Afrikaans bestaan uit onkunde oor ’n taal. As daar ideologieë ontstaan in 'n spesifieke taal, is dit nie die taal self wat dit doen nie. Daar kan dus geen diskriminasie teen enige taal wees nie. As Afrikaans gesien is as die taal van die onderdrukker, dan is Engels, Duits, Frans, Russies ens. ook die tale van onderdrukkers. Dít is ook al oor en oor gesê.

Miskien moet ons nou ’n slag hierdie saak agter ons kry en aangaan met dit wat ons as sprekers van die taal met die taal wil doen in die post-1994-Suid-Afrika (De Stadler 2012).

Titus sê in hierdie verband in ’n onderhoud met Van Wyk (2012b): “Afrikaans is nie meer gekoppel aan mag nie en ons moet daardie gevoel uit ons koppe kry” – ons moet dus anders na Afrikaans en die sprekers van Afrikaans begin kyk. Die gevaar is dat ons so verstrik kan raak in die verlede dat ons nie die moontlikhede van die toekoms eens begin ontgin nie. Ons

haak dus te vas in ons eiesoortigheid en sien nie die groter prentjie van Afrikaans nie, die prentjie van verskeidenheid wat wel ’n eenheid uitmaak (Van Wyk 2012b). In ’n debat oor die term *ras* druk Gouws (2012) haar soos volg hieroor uit: “Almal bring hulle eie geskiedenis na die situasie en ons moet probeer om te verstaan hoekom wit en swart mense optree soos hulle optree.”

By ’n 2009-konferensie oor sosiale samehorigheid op Stellenbosch het Russel Botman, rektor van US, gewaarsku teen die neiging om vas te val in die verlede omdat ons so vasgevang is tussen twee lande, te wete die “land van die verlede” en die “land van die more”: “Ons stry met die *verlede* en die *toekoms*. Ons hoor so baie van die land in die verlede, tog so min oor die land van more. Ons kan nie voortbeweeg as ons nie tussen dié lande vassit nie” (Venter 2009; my beklemtoning).

Tydens dieselfde geleentheid het Dr. Mamphele Ramphele (aangehaal in Venter 2009:13) gesê dat ons wel op ’n manier van die “psigologiese littekens” van die verlede (bedoelende apartheid en die skade wat dit in die land en in menseverhoudinge veroorsaak het) ontslae behoort te raak en ons kan dit doen deur oor die verlede te prááť: “Om oor dié spoke te praat, is ’n essensiële stap om hulle te laat rus. Gesprekke is nodig”. Op hierdie wyse begin ons die foute van die verlede verwerk en kan ons aanbeweeg sonder om regtig die verlede agter te laat. Wessels (2012:5) vat dit soos volg saam: “Ons sukkel om by die toekoms uit te kom, want ons stry nog oor die verlede. Die slagoffers van die verlede onthou al hoe beter, en dié wat voordeel daaruit getrek het, probeer baie hard om te vergeet.”

Volgens Wessels (2012:5) moet ’n mens hieruit leer “hoe om saam met die verlede te leef sonder om daaroor te struikel”. Inderdaad ’n taai opdrag, maar een waardeur die Afrikaanse gemeenskap sal moet werk.

Saam hiermee gaan ook lúister – die luister met ’n oop gemoed na mekaar. Ons moet naamlik sonder vrees vir mekaar kan vertel hoe ons uit ons eie hoek die verlede beleef het, en wat ons drome vir die toekoms is, maar dan moet ons ook luister na elkeen se storie daaroor en hóór wat die ander sê. Ons moet die unieke werklikhede van Suid-Afrika in die oë staar, sodat dit ons kan rig op die pad van hoe die verlede onthou moet word. Op hierdie wyse kweek ons begrip vir mekaar se stories en standpunte (“myne” en “joune” sodat dit “óns s’n” kan word) en kyk ons uit mekaar se hoeke op verskillende kante van die werklikheid, en sodoende beweeg ons in die rigting van versoening. Dít is die kern van hierdie artikel: dat Afrikaanssprekendes na mekaar begin luister, sodat ons ophou om as bevolkingsgroepe by mekaar verby te beweeg en te leef. Wit en bruin en swart Afrikaanssprekendes moet derhalwe uit hulle gemaksones beweeg en die volle Afrikaanse gemeenskap omarm.

In 2000 het ek by ’n kongres in Berkeley in die VSA voorgestel dat ons behoort te begin beweeg in die rigting van 'n objektiewe geskiedenis van Afrikaans – ’n geskiedenis waarin ons die volle verhaal van Afrikaans moet vertel (met sy vratjies en vrot kolle en al) – soos Grobler (2012) sê: “so volledig, korrek en betroubaar moontlik”. Dit sal inhou dat ons ook gebeure in perspektief begin plaas en ook moet begin wegbeweeg van die persepsie dat

Afrikaans ’n verdrukkende taal is. Ons weet van Soweto 1976, maar die vraag is altyd of Afrikaans wérklik die druppel was wat die spreekwoordelike emmer laat oorloop het. Toe ek by bogenoemde kongres sê het dat ons die *volle* verhaal van hierdie tragiese gebeure moet vertel, naamlik dat sake soos onder andere Bantoe-onderwys en die paswette (vgl. Steyn 1980, 2000; Pienaar 2004) as instrumente van apartheid (vgl. Grobler 2012; Giliomee 2012a, 2012b, 2012c, 2012d, 2012e; Jackson 2012 oor die vernietigende gevolge van apartheid), óók daartoe bygedra het, is ek daarvan beskuldig dat ek politiek praat.

Hier bo is pas gesê – en dit is elders al by herhaling gesê – dat ’n taal nie die skuld kan dra vir die foute van*sommige* van sy sprekers nie. Om Jeanne Goosen se bekende boektitel aan te haal: “Ons is nie almal so nie” (Goosen 2006).

Gerrit Brand (2009) het in ’n meningstuk gesê dat daar ook onthou moet word dat nie alle blankes “skuldig was aan apartheid nie”. Die feit dat ’n destydse minister gesê het dat Afrikaans gebruik moet word as medium van onderrig in Soweto in 1976 (vgl. Steyn 2000; Pienaar 2004; Yitzhaki 2012:274–6), impliseer nie dat álle Afrikaans-sprekers so dink nie en dat álle Afrikaans-sprekers noodwendig onderdrukkers – of rassiste – is nie. Dit was wel die vonk wat die politieke kruitvat laat ontplof het, en die geskiedenis wys wat die uitkoms van die hele proses was. Die woede was toe gemik teen die wit sprekerskorps van Afrikaans. Daar was dus kollektiewe woede teenoor alle wit mense wat Afrikaans praat (Brand 2009). Daarteenoor: Afrikaans is ook gebruik om Suid-Afrika te bevry – die geskiedenis wys ook dít uit (vgl. ook Steyn 1980:288; Brand 2009; Van Wyk 2012b).

Le Cordeur sê hieroor:

> Dit is 35 jaar later, en baie water het in die see geloop. Afrikaans het sy beeld verander van ’n taal wat wil verdruk tot ’n taal wat wil bemagtig en versoen. Ironies genoeg sou juis die gebeure van 16 Junie Afrikaans van sy bagasie bevry.
>
> [...]
>
> Mnr. Mandela het in die publikasie *Reflections from Prison* aangetoon dat ons onmoontlik [Afrikaans] van die aardbol kan vee. Dit word deur die meerderheid bruin mense gepraat, talle Indiërs en heelwat swart mense. Juis daarom moet 16 Junie in die teken staan van die vermoë van taal om ons land en sy mense, eens so verdeeld, te verenig. Laat ons hierdie dag só vier dat alle jeugdiges welkom sal voel by die fesvieringe, maar meer belangrik, welkom in die land van hulle geboorte. Laat ons wegbeweeg van die *blameer*-taktiek sodat ook wit jeugdiges by 16 Junie sal aanklank vind en nie langer skuldig hoef te voel oor iets waaraan hulle geen deel gehad het nie. Terloops, om voortdurend daaraan herinner te word dat jou voorvaders apartheid beoefen het, doen niks vir nasiebou nie en lei daartoe dat talle talentvolle jongmense hulle rug op SA keer. (Le Cordeur e.a. 2012:70–1)

Van Oort het in 2008 ’n studie hieroor voltooi, ’n studie oor die verdelende, maar ook *gedeelde*, verlede van Afrikaans en hoe ons te werk kan gaan om nou na die toekoms te begin kyk. Hierin kry ons ’n aanduiding van hoe ons vorentoe kan gaan (Van Oort 2008:227–9).

’n Gesprek (Jeugberaad) wat die ATR in Maart 2011 tydens die US Woordfees gereël het oor die gebeure rakende Soweto 1976, dui daarop dat Afrikaanse jongmense al begin het om hierdie stuk verlede te verwerk – nie te vergeet nie, maar te verreken in hoe hulle die geskiedenis van Afrikaans beleef (vgl. Le Cordeur e.a. 2012:ii). Op hierdie wyse leer hulle “om hulle eie geskiedenis te skryf” – soos verwoord deur Helen Zille tydens ’n Vryheidsdaggeleentheid op 27 April 2012 in Pretoria: “Ons het die verantwoordelikheid om ons eie storie te skryf. Ons moet eienaarskap neem vir ons toekoms deur dit stukkie vir stukkie uit te kerf” (in Essop 2012).

Dit blyk dat Afrikaans se verlede nie altyd ewewigtig geoordeel word nie en dat ou koeie nog konstant uit die sloot gegrawe sal word (vgl. Carstens 1994:16), soos in die woorde van Rantoa en van Wakashe hier bo. Die tyd is waarskynlik nou ryp om hierdie verlede agter ons te begin sit, sodat ons kan aangaan om te besin oor Afrikaans, en in die besonder Afrikaanssprekendes, se rol in die Suid-Afrika van 2012, en oor die Afrikaans van 2060, soos in die studie van Van Oort (2008) uiteengesit. (Vgl. ook Carstens 2010b; Steyn en Duvenhage 2011.)

Willemse (2011) sê hieroor:

> Vir so lank as wat ons toelaat dat slegs een kant van Afrikaans vertel word, so lank sal daardie sprekers nie bemagtig word nie. Trouens, wanneer ons nie ons storie vertel nie, werk ons mee aan die vernietiging van ons geskiedenis.
>
> Dit is so dat die storie van hierdie meerderheid Afrikaanssprekers nog nie na behore vertel is nie. Daar is ’n rede daarvoor. En dit is dat hierdie sprekers nie genoeg doen om hul storie te vertel nie. Ons moet onthou: niemand gaan ons storie vertel nie.

In die res van die artikel word kortliks verslag gedoen oor ’n proses wat ’n inklusiewe Afrikaans ten doel het, ’n Afrikaans wat verteenwoordigend is van sy volle sprekerskorps, ’n Afrikaans wat meehelp om groter onderlinge begrip in die breë sprekersgemeenskap te bewerkstellig.

### *2.3 ’n Nasionale strategie vir Afrikaans: van ’n droom tot by die ATR*

Die proses om uit te kom by die ATR het bekend gestaan as ’n Nasionale Strategie vir Afrikaans, en het ’n aanvang geneem in September 2003 tydens ’n simposium van die FAK in Pretoria. Bykans nege jaar later kan met vrymoedigheid gesê word dat daar reeds ver op hierdie pad gevorder is. Hierdie beweging betrek weliswaar nog nie die volle sprekersgemeenskap van Afrikaans nie, maar daar is al besonder goeie vordering in daardie

verband gemaak (vgl. Buys 2012). Eers as die "regses" van ons tyd spontaan hierby betrokke raak en glo aan die doelwitte, en meewerk aan die waarmaak van die inklusiewe strewes, kan gepraat word van ware versoening.

Dat hierdie proses, en ook die swaar-verworwe eenheid tot op hede, besonder broos is, is geïllustreer toe ek in 'n artikel (sien Marais 2012) my steun uitgespreek het vir gesprekke tussen die ATR en regse rolspelers, soos die Nederlandse politikus Martin Bosma van die Party voor de Vrijheid (PVV). Van der Rheede, 'n taalaktivis uit die bruin gemeenskap, het my daarop 'n "taalprostituut" genoem omdat ek bereid sou wees om geld uit daardie hoek vir Afrikaanse bemagtiging te ontvang. Van der Rheede het gesê hy sou weier om die geld in ontvangs te neem en te gebruik (vgl. ook Titus 2012 hieroor).

Ons is derhalwe "heeltyd besig om 'n balanseertoertjie op 'n baie dun draad te doen" (my woorde – vgl. Marais 2012). 'n Mens kan maklik die "verkeerde" ding doen, gesien uit 'n ander hoek (selfs sonder bybedoeling), en dan wag daar weer werk agter die skerms om oor die slaggat in die pad te kom.

De Vos druk hom soos volg uit oor die prosesse waardeur ons moet gaan om die land te maak werk (en ook hoe om deur hierdie soort slaggatprosesse te kom):

> Om jou sê te sê, gaan nie altyd sonder risiko of maklik wees nie. Dit sal van ons verwag word om kanse te waag en om konflik te verduur, ook om te erken hoe ingewikkeld en verskriklik die lewe in hierdie vreemde plek soms kan wees. Maar dít is wat van ons verwag word in 'n demokrasie-in-wording. (De Vos 2012:4)

Ons gaan dus by tye van mekaar verskil (selfs heftig verskil) oor die hoe en wanneer en die kante van die werklikheid, maar dit is deel van die prosesse waardeur ons sal móét werk.

Van Louw het in September 2003 tydens bogenoemde FAK-simposium in Pretoria gesê dat so 'n nasionale strategie kan dien as instrument van versoening in die histories verskeurde Afrikaanse gemeenskap. Dit moes nie net 'n strewe bly om Afrikaans te bevorder nie, maar dit moes 'n strewe word wat die Afrikaanse gemeenskap sou saamsnoer om die ideaal van 'n waarlik inklusiewe liggaam wat Afrikaans se belang die beste sou dien.

Daar is in die proses geredeneer dat 'n neutrale stem, 'n stem wat daarop kan aanspraak maak dat dit "namens Afrikaans" praat, in die belang van Afrikaans, dalk sal kan bydra tot 'n waarlik getransformeerde Afrikaans, oftewel 'n Afrikaans wat voorsiening maak vir ál sy sprekers. Dit is wel 'n voldonge feit dat sekere Afrikaanse organisasies nie ruimte bied (of histories beskou: ruimte gebied het) vir alle sprekers van Afrikaans nie en dat die *taal* Afrikaans daardeur benadeel is/word. Apartheid het inderdaad grense tussen Afrikaanssprekende landgenote kom oprig (Jackson 2012). Slegs as ons kan sê dat ál Afrikaans se stemme verteenwoordig word, kan ons werklik van 'n getransformeerde Afrikaanse gemeenskap (en by implikasie van 'n getransformeerde Afrikaans) praat.

Hierdie sentiment kom ook sterk deur in ’n brief getitel “Op pad na ’n Afrikaanse forum” wat Gerrit Brand in 2004 aan LitNet gerig het (Brand 2004). Dit gaan pertinent om die idee dat ’n forum geskep moet word waar Afrikaanssprekers met mekaar in gesprek kan tree sonder dat hulle geïntimideer voel oor met wie en waaroor hulle in gesprek tree. Dit op sigself is nie so maklik nie, omdat daar ’n historiese skeptisisme teenoor die intensies van bepaalde Afrikaanse organisasies is. Organisasies soos die ATKV, FAK, die (destydse) Groep van 63, Praag, die Afrikanerbond, die SA Akademie vir Wetenskap en Kun, en ander dra nie altyd die soort legitimiteit wat ’n mens graag hier sou soek nie – of dit nou waar en korrek is, maak nie juis saak nie, want persepsie is ’n vreemde ding. In die lig hiervan is die pogings tot die erkenning van een stem namens Afrikaans van belang.

Hier onder word vervolgens kortliks verslag gedoen oor pogings in hierdie verband sedert die middel-1990’s. In vroeëre lesings en voordragte van my (Carstens 2006b, 2007, 2009a, 2009b, 2010a, 2010b, 2010c, 2011) is die proses beskryf oor hoe die pad geloop kan word. Die proses is ook deeglik gedokumenteer in publikasies van die ATR – vergelyk in hierdie verband Prinsloo 2006a, 2006b, 2007, 2008a, 2008b. Daar word kortliks vryelik hieruit aangehaal om sake in perspektief te plaas en daarna sal prosesse beskryf word wat sedert die laat 1990’s aan die gang gekom het om hierdie pad te verduidelik.

Daar is ’n paar fases op hierdie pad wat uitgelig moet word:

- Die pogings tot die totstandkoming van 'n Afrikaanse Oorlegplatform (AO) (1996-1998).
- Die Nasionale Strategie vir Afrikaans (2003). Die Eerste Nasionale Afrikaanse Taalberaad (2004).
- Die Nasionale Forum vir Afrikaans (2005).
- Die Tweede Nasionale Taalberaad (2007).
- Die Afrikaanse Taalraad (2008).
- Die pad vorentoe (2009–).

Ter wille van die ontwikkeling van die argument word meer aandag gegee aan die begin van die proses as aan die verdere verloop daarvan, omdat die begin die rigting aandui.

Eerstens dan oor die Afrikaanse Oorlegplatform (AO).

Steyn (1998) doen in ’n artikel getitel “Nuwe aktiwiteite rondom Afrikaans: die totstandkoming van ’n ‘Afrikaanse Oorlegplatform’” verslag oor die redes en motivering agter die totstandkoming van die AO. Vir die doel van hierdie gesprek word ruim na hierdie artikel verwys.

- Die aanleiding tot die begin van die AO was ’n toespraak van Giliomee op die ATKV se jaarkongres in Augustus 1996 op Rustenburg. Hy stel daar voor dat ’n “soepele Afrikaanse Raad van Afgevaardigdes waarin wit, bruin en swart Afrikaanstaliges hulle ewe tuis voel” (Steyn 1998:253) tot stand kom. So ’n liggaam sou dan oor die

potensiaal beskik "om met 'n magtige stem oor sake soos die verontregting van Afrikaans [...] te spreek".

- In hierdie tyd het Breyten Breytenbach (1996) 'n artikel geskryf waarin hy "die noodsaaklikheid uitlig van 'n *organisasie* wat verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekendes kan wees". Hy stel 'n "koördinerende liggaam" voor, 'n "saamstaan":

  > 'n "adres van uitklaring" waar aangeklop kan word vir inligting en raad en bystand. So 'n "adres" moet die belange van swart en bruin en wit Afrikaners kan artikuleer en verteenwoordig. Maar die inisiatief moenie van politieke partye en ou patriargale bonde en koukusse en klieks kom nie.

- Ton Vosloo, voorsitter van Naspers, steun so 'n inisiatief en dit lei tot verdere gesprekke met 'n verskeidenheid ander rolspelers, onder andere uit die sakesektor. Dit lei uiteindelik daartoe dat daar op Saterdag 30 November 1996 'n openbare gespreksbyeenkoms met meer as 200 aanwesiges oor hierdie saak op Stellenbosch plaasgevind het. Genooides het mense ingesluit uit 'n breë spektrum van die sake- en beroepswêreld, die skryf- en skilderkuns, die akademie, ens. (Steyn 1998:254). Volgens Steyn (1998:254) het 'n verkenningskomitee (Giliomee, Breytenbach, Vosloo) aangedui dat die doel van die byeenkoms was om 'n "oorkoepelende Afrikaanse organisasie" te stig, 'n "saambreelorganisasie" wat "hoofsaaklik 'n taal- en kulturele inslag sal hê en niepolities van aard sal wees". Hierdie organisasie sal dan "krag en kohesie" kan verleen "aan die dikwels versplinterde aksies van 'n magdom Afrikaanse organisasies" en "sal voorspraak vir Afrikaans doen en dit versterk". Die organisasie moes ook "die welsyn van die deel van die Afrikaanse gemeenskap wat histories benadeel is, probeer bevorder, asook bondgenootskappe met ander minderhede probeer sluit".

- Die gesprek op 30 November 1996 het wel nie gelei tot die totstandkoming van die AO nie, weens kritiek op die proses en die doel van die beoogde struktuur. Antjie Krog het onder andere gesê sy wil nie staan "onder 'n sambreel waarvan die kleure sê: anti-regering, anti-ANC, anti-WVK, anti-Engels, anti-nasiebou nie" (Steyn 1998:255). Die uiteinde is dat 'n verkenningskomitee wel aangewys is om vas te stel "wat die behoefte aan (so) 'n organisasie is, hoe dit moes lyk, en wat die doelwitte daarvan moes wees". Die komitee moes "met Afrikaanse organisasies en belangegroepe beraadslaag om almal se behoeftes te peil" (Steyn 1998: 256).

Daar is 'n versoek gerig om 'n meningspeiling oor hoe Afrikaanssprekendes self Afrikaans se toekoms beskou. Dit is gedoen onder leiding van Lawrence Schlemmer en die uitkoms hiervan (soos verwys na in Steyn 1998:256) het gedui op pessimisme onder sprekers van Afrikaans oor 'n verskeidenheid aspekte, onder andere oor die organisasies wat Afrikaans se belange moes uitdra. Daar is wel 'n behoefte geïdentifiseer om op 'n manier "openbare

protes" uit te spreek teen die manier waarop Afrikaans in die nuwe bedeling hanteer is. Kort hierna het Vosloo geskryf:

> Afrikaanssprekendes moet as 'n *blok* opkom vir hulle staanplek en nie struikel voor eksklusiewe verdelingslyne nie. In onderhandeling met die owerheid *moet die blok uit één keel kan praat* as een van die grootste taalblokke in die land. (aangehaal in Steyn 1998:257; my beklemtoning)
>
> Volgens hom [Vosloo] was die tyd ryp vir die gedagte van 'n "*oorlegsentrum* vir die *heterogene Afrikaanspraters*". (Steyn 1998:256; my beklemtoning).

- Die AO is uiteindelik op 29 Junie 1998 in Rosebank gestig. Vosloo het dit benadruk dat die klem "op 'n 'saambindende *proses* eerder as 'n *struktuur* moet val'. Om uit 'die slagyster van die verlede' te ontsnap, is 'nuwe denke en die bou van vertroue tussen Afrikaanssprekendes as deel van die burgerlike gemeenskap noodsaaklik" (Steyn 1998:260; my beklemtoning). In die gesprekke was dit duidelik dat inklusiwiteit 'n kernrol in die ontwikkelende proses sal moet speel.

- Steyn (1998:262) sluit sy artikel af deur te wys op die denkverskuiwing wat plaasgevind het sedert die idee van so 'n AO die eerste keer in 1996 genoem is.

  > Maar bloot die totstandkoming van die AO dui op 'n mate van eenheid wat in 1996 nog nie bestaan het nie. Die ander groot voordeel was dat rolspelers wat aanvanklik los van die proses gestaan het, wel by die proses betrokke geraak het.
  >
  > Mense met uiteenlopende sienings oor die kultuur en politiek vind dat hulle soveel gemeen het dat hulle gesamentlik kan beplan vir Afrikaans.

Vir Vosloo self was die inisiatief 'n sukses omdat "mense van soveel uiteenlopende rigtings, ook aanvanklik antagonistiese mense, betrek kon word" by 'n breë proses in die belang van Afrikaans.

Tot sover die AO. Oor die langtermynsukses van die AO is daar nog onsekerheid, maar 'n mens kan dalk tog sê dat daar slegs beperkte sigbare sukses was. Dit was eerder die begin van 'n proses as die resultaat van die proses self.

Wat hieruit wel duidelik word, is dat daar bepaalde vereistes is waaraan hierdie soort inisiatiewe moet voldoen (vgl. Carstens 2006a, 2006b):

- Iemand moet die proses dryf.
- Daar moet 'n gedeelde langtermynvisie wees.
- Daar moet eenheid ontwikkel in die geledere van die inisiatiefnemers.
- Antagonisme en wantroue moet besweer word.
- Inklusiwiteit is die anker in hierdie proses.

- Mense moet mekaar leer vertrou.
- Die nastreef van eie belange is nie noodwendig fout nie, net solank daar wel ’n gesamentlike visie ontwikkel.
- Daar moet ’n plan wees: Wat moet die uitkoms wees en hoe moet daarby uitgekom word?
  Dis opvallend dat hierdie aspekte ook voorkom in Steyn (1980:74 e.v.) se sienings oor die verloop van ’n taalstryd. Hy sê naamlik dat daar drie voorwaardes vir enige vorm van ’n taalbeweging is (dis in wese waarmee ons in Afrikaans te doen het):

    - Daar moet heelwat mense wees wat die taal in hulle huise gebruik.
    - Daar moet intellektuele (mense met “propagandawaarde”) wees om die voortou te neem en mense te mobiliseer om betrokke te raak.
    - Daar moet ’n reeks gebeure of prosesse wees om die massa tot optrede te prikkel.

Aan die einde word weer hierop teruggekom.

Met hierdie aspekte in gedagte kan daar nou ook na ’n ander, meer onlangse, inisiatief gekyk word, te wete die pogings om ’n nasionale strategie vir Afrikaansontwikkel te kry (Carstens 2006a).

In die bogenoemde LitNet-rubriek van Brand (2004) maak hy melding van pogings om ’n Afrikaanse forum gevorm te kry. Na aanleiding van die beplande stigting van ’n Afrikanerraad (waarvoor daar om ’n verskeidenheid redes skynbaar onder beide wit en bruin Afrikaanssprekendes nie besondere entoesiasme bestaan nie) stel hy (Brand 2004:2; my beklemtoning), voor dat daar eers begin word

> *deur ’n forum te skep waar almal wat belang by Afrikaans het met mekaar in gesprek tree*. Die bedoeling van so ’n forum moet juis wees om aan almal die geleentheid te gee om hulle standpunt te stel. Die forum moet dus nie pro- of anti-Afrikanerraad wees nie. Voor- en teenstanders van so ’n raad moet hulle sprook kan spraak. Swart, wit en bruin Afrikaanspraters, sowel eerste- as tweedetaalsprekers, moet daar hul mening kan lug. *Die hele kleurvolle spektrum van standpunte, belange en voorgestelde strategieë moet daar die podium kan betree*.

En verder:

> Die voordeel van so ’n *gespreksforum* met ’n *leë agenda* is dat dit almal kan betrek sonder om enige spesifieke groepering uit die staanspoor te marginaliseer of hulle aktiwiteite in die wiele te ry. *Alle organisasies en individue wat op een of ander manier met Afrikaans gemoeid is, kan nog steeds rustig (of onrustig) voortgaan met dit wat hulle doen, maar terselfdertyd kan hulle begin om gemene grond te verken en stadig maar seker ’n mate van konsensus rondom bepaalde*

> *sake te stig*. Hardnekkige verskille in standpunt of strategie hoef nie in so ’n forum te verdwyn nie, maar kan juis duideliker aan die lig kom terwyl daar besluit word om op daardie punte “to disagree to agree”. Onderlinge misverstande en wanpersepsies kan egter ook uit die weg geruim word. (Brand 2004; my beklemtoning)

Brand (2004:4) verwys ook na pogings deur Afrikaanse organisasies of strukture om so ’n inisiatief aan die gang te kry. Pogings van onder meer die Groep van 63, FAK, ATKV, die Taalsekretariaat, Praag se Konfederale Afrikanerforum het nie die beplande sukses behaal nie, en wel om ’n goeie rede: “Die probleem is eenvoudig dat elke organisasie wat tans met Afrikaans gemoeid is net ’n deel van die Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig en daarom in die oë van sommige ander Afrikaanssprekendes ‘bevlek’ of ‘gestigmatiseer’ is.

Daar is wel ’n ander poging wat weens besondere omstandighede ’n kans op sukses in hierdie verband het – en uiteindelik kan lei tot die vestiging van ’n saampraatforum vir en namens Afrikaans. Hierdie forum het met die verloop van tyd die naam Nasionale Forum vir Afrikaans (NFA) gekry – en dit het weer mettertyd oorgegaan in die Afrikaanse Taalraad (ATR). Hier onder word vervolgens kortliks hieroor berig. In Prinsloo (2006) en Carstens (2006a) is hierdie proses volledig gedokumenteer en daarom word slegs enkele hoofpunte uitgelig.

Die proses is vorentoe geneem deur 'n Voortsettingskomitee, wat in die loop van 2004 die historiese Eerste Nasionale Afrikaanse Taalberaad (in Augustus 2004) op Stellenbosch gereël het. Die vertrekpunt vir die beraad was 'n taalbestekopname (algemeen bekend as die taaloudit) wat gegewens versamel het oor Afrikaans se sterk en swak punte en aan die hand waarvan gepraat en besin is (vgl. Prinsloo 2004).

Die beraad self was ’n sukses, maar dit was duidelik dat die verlede nog nie begrawewas nietoe daar aan die einde wrywing ontstaan het. Dit was ongelukkig tussen wit en bruin, wat weer ’n etniese konflik uitgelig het. Agterna beskou, was dit waarskynlik die keerpunt in die proses wat die Afrikaanse Taalraad gebring het tot waar hy vandag is. Daar is hard met mekaar gepraat en dit was duidelik dat daar agter die skerms hard gewerk sou moes word om verskille uit die weg te ruim (Carstens 2006a).

- Die beraad het goed afgeloop, maar spanning onder die oppervlak was tog merkbaar. Die rede: spanning tussen wit en bruin oor ’n strategie om die proses vorentoe te neem.

- Reaksie in die pers op die beraad was uiters positief. Die beraad is in die algemeen beskou as ’n sukses en ’n groot stap vorentoe vir Afrikaans. Neville Alexander, die voorsitter tydens die afsluitingsessie, het die beraad beskou “as ’n besinning oor Afrikaans as taal in ’n veelrassige post-Suid-Afrika” (vgl. Vosloo 2004:18). Alexander het ook gemaan teen ’n te haastige spoed om die proses verder te voer: “[Ek] waarsku teen oorhaastigheid. Ons moet stadig oor die klippertjies en nie te haastig wees om mekaar om die hals te val nie.” (Vgl. Vosloo 2004:18.)

- Daar was kritiek oor ’n gebrek aan behoorlike verteenwoordiging van alle groepe Afrikaanssprekendes (deur onder meer Elias Nel en Jonathan Jansen). Jansen (2004) sê die beraad was aanvanklik vir hom ’n aangename verrassing, omdat daar die “mees diverse groep Afrikaanssprekendes – ten opsigte van ras en godsdiens – bymekaargetrek (was) wat ek nóg bymekaar gesien het”. Hy het die belang van Afrikaans as toenaderingstaal beklemtoon deur dit te stel dat die toekoms van Afrikaans afhang van die oopstel van hierdie taal en sy sprekers vir diskoerse met ander tale en sprekers.

- Die feit dat Afrikaanssprekendes – gesien in die lig van die geskiedenis van versplintering in Afrikaanse geledere – wel drie dae lank bymekaar kon bly en kon volhou om saam te praat (ten spyte van groot meningsverskille), is as van groot belang vir die toekoms beskou. Die rubriekskrywer Dawie (2004:22) het gesê die uitdaging vir die beraadgangers en die organiseerders is om die geesdrif wat tydens die beraad teenwoordig was, oor te dra na die praktyk.

- Opsommend: Die beraad kan sonder twyfel beskou word as een van die pilare in ’n nuwe inisiatief om Afrikaans se posisie in die jare vorentoe te verstewig. Dat alles nie voorspoedig verloop het nie, was waarskynlik nie ’n verrassing nie, maar dis duidelik dat die prosesrakende ’n nasionale strategie vir Afrikaans hiermee ’n eerste groot tree gegee het op ’n lang pad.

- Die belang van versoening het telkemale ter sprake gekom. Dawie (2004:22) het hom soos volg hieroor uitgedruk: “Die beraad het opnuut die klemverskil tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes blootgelê. Die wittes neig om die taalkwessie as ’n saak van identiteit en regte te sien; die bruines as ’n saak van bemagtiging.”

- Die joernalis Annie Olivier (2004b) het ook besondere klem op hierdie aspek gelê in haar oorsigberig oor die beraad: “Versoening gaan tyd neem en is iets wat gekoester moet word alvorens daar werklik ’n volwaardige Afrikaanse gesprek onder alle Afrikaanssprekendes sal kan plaasvind.”

- Jason Lloyd (2005) het duidelik gesê: “[W]it, bruin Afrikaanses is nog maar apart”. Volgens hom was daar nog baie kwessies wat

  > in die pad (staan) van die realisering van die ideaal van een Afrikaanse taalgemeenskap. Op die oomblik is daar twee Afrikaanse gemeenskappe: die een wit en meestal ryk, die ander bruin en oorwegend arm. Voordat ons dus praat van een Afrikaanse gemeenskap, moet wit en bruin onderling begin praat oor hoe om gestalte te gee aan dit waarvan Du Plessis skryf. [Hy het hiermee verwys na ’n berig wat Tim du Plessis, redakteur van *Rapport*, op 2 Januarie in dié koerant geskryf het (2005, bl. 20) oor die strewe om ’n hegter binding onder die Afrikaanse taalgemeenskap te kry.] Want een Afrikaanse gemeenskap bestaan tans eenvoudig nie.

Slabbert (2005:10) voeg hierby: "Daar is meer mense wat Afrikaans praat wat nie sogenaamd 'wit' is nie as wat daar is wat wit is. Vir hulle is Afrikaans nie 'n luukse nie, dis 'n daaglikse noodsaaklikheid." (Vgl. ook Van der Rheede 2005 in hierdie verband.)

Die betrokke Afrikaanse gemeenskappe moet dus nader aan mekaar beweeg.

- Z.B. du Toit (2005) het hieroor in gesprek getree met twee prominente akademici, te wete Jaap Steyn en Neville Alexander, en dit het hieruit geblyk dat die saak van Afrikaans-wees en die identiteit wat wit en bruin daaraan koppel, nog ver van deurgepraat is (vgl. ook Du Plessis 2011b; Willemse 2011). In hierdie verband was Hein Willemse (2005b:9) van oordeel dat die grootste bedreiging vir Afrikaans lê

> in die voortgesette pogings om Afrikaans so nou te koppel aan Afrikaner etniese identiteit (sic) (of dan ten minste Afrikanerbelange). Vir so lank as wat Afrikaans slegs 'n kodewoord vir die Afrikaner sal bly en daar nie daadwerklike pogings is om die taal in sy Suid-Afrikaanse diversiteit uit te bou en te koester nie, sal daardie pogings minder suksesvol wees.

Willemse (2005b:10) voeg dan verder by as oplossing: "[O]ns (sal) nuwe, gedeelde simbole, helde, rituele, waardes en praktyke [...] moet vestig om die ideaal van 'n ruim Afrikaans te bewerkstellig."

- Willie Esterhuyse (2005) het daarop gewys dat "die liefde vir Afrikaans by voorheen-onderdruktes een van die wonders van Afrikaans (is). Dit maak Afrikaans inderdaad 'n pêrel van groot waarde." Hy voeg hierby: "Die normalisering van verhoudinge het op mikrovlak reeds ver gevorder. Maar dit moet verder gevoer word."

- Versoening tussen die uiteenlopende Afrikaanse gemeenskappe was dus van die begin af die fokus in die hele proses, en dit gee 'n mens moed dat daar wel op 'n uitkoms gemik kon word. Die hóé moet net waar gemaak word.

Ek was ná 'n gesprek met Van Louw in November 2004 oortuig van my eie skromelike onkunde oor die gevolge van apartheid, wat my beskaamd gelaat het oor die aandeel wat ek daaraan gehad het, maar wat ook gehelp het dat ons mekaar reguit in die oë kon kyk. Ek moes leer om te lúister oor watter gevolge apartheid vir haar en haar mense ingehou het (vgl. ook Jackson 2012):

- Dat apartheid mense van hulle menswaardigheid ontneem het.
- Dat mense minderwaardige burgers in hulle land van geboorte was.
- Dat mense daagliks verneder is.
- Dat sy as jong swanger vrou aangerand is deur lede van die veiligheidsmagte.
- Dat gedwonge verskuiwings haar familie ontwrig het.
- Dat mense mekaar nie mag liefhê oor kleurgrense heen nie.

Dit het my ook gebring by die punt wat Pakendorf (2012) so goed stel: dat "dit tyd (is) om nederiger en eerliker teenoor ons rol in die geskiedenis en die behandeling van mede-Suid-Afrikaners te wees".

Deur die luister- en hoorproses kon die boodskap uitgedra word: Kom ons prááť oor die verlede en probeer sodoende mekaar verstaan deur te lúister na standpunte, wrewel en ervarings. So bou ons op individuele vlak ook versoening, en hiervandaan kan dit versprei na ander, na die wyer gemeenskap (vgl. Brand 2009). Dit sluit aan by Ramphele se siening dat ons moet volhou om oor die spoke, soos rasseverskille en rassevooroordele, te praat, want dit is reeds 'n belangrike stap om hulle te laat rus. Ons moet, soos McKaiser sê (in Joubert 2012b), "uitdagings en vooroordele oor ras erken en takel eerder as om dit ontkennend onder die tapyt in te vee".

Twee jaar lank is hard gewerk om die klowe te oorbrug, en 'n mens kan waarskynlik sê dat daar met die aanbied van die Tweede Nasionale Afrikaanse Taalberaad (in Februarie 2007) in Pretoria al 'n mate van versoening plaasgevind het. In hierdie proses is 'n taalplan (2005) opgestel wat as riglyn gedien het vir die bestuur van die proses. Uit die taalplan het die interimliggaam, die Nasionale Forum vir Afrikaans (NFA), ontwikkel wat die proses bestuur het tot en met die uiteindelike stigting van die ATR as koördinerende liggaam vir Afrikaans op 24 Mei 2008 in Wellington.

Sedertdien is die statuur van die ATR as bedingingsliggaam vir Afrikaans deeglik gevestig en word die ATR wyd erken as dié rolspeler oor sake van belang vir Afrikaans, ook deur die regering.

Wat onmiddellik uitstaan, is die sake en aktiwiteite waarby die ATR sigbaar betrokke was. Teen 2012 was die ATR se infrastruktuur goed gevestig ('n eie kantoor het in Julie 2012 tot stand gekom); die ATR het sukses behaal met 'n klompie sake (maar was nie oral ewe suksesvol nie); en die ATR se sigbaarheid is beduidend verhoog (die ATR se logo is bekend in die Afrikaanse organisasiewêreld, en die slagspreuk, "Bemagtig, bevorder, beskerm", is nie meer net leë woorde nie); die ATR se webblad (sien bibliografie) word goed besoek deur belanghebbendes by die Afrikaanse gesprek; en die nuusbrief (*ATR-Koker*) word wyd versprei en gelees in die Afrikaanse gemeenskap. Daar is ook reeds begin om die koördineringsrol soos wat beplan is, te verwesenlik.

Die pad na versoening wat in hierdie proses geloop is om uit te kom waar die ATR vandag is, is gekenmerk deur 'n paar oorwoë vertrekpunte:

- Die besef dat die Afrikaanse gemeenskap met 'n proses besig is wat gaan tyd neem. Met die verloop van tyd is hierdie uitgangspunt opnuut beklemtoon – dinge neem tyd om te ontwikkel en dit kan nie aangejaag word nie, omdat soveel mense met soveel perspektiewe op die saak aan die proses deelneem. Alexander se woorde tydens die Eerste Nasionale Afrikaanse Taalberaad op Stellenbosch het in die praktyk geblyk waar te wees: "Wees bereid om voetjie vir voetjie vorentoe te gaan en wees ook bereid om

soms selfs ’n tree terug te gee om vordering te kry.” Dit was wyse woorde – dit is deeglik in die ontvou van die proses geleer.

- Die geduld om die proses kans te gee om te ontwikkel. Die produk sal hieruit volg. (In private gesprekke moes die lede van die ATR hulself dikwels daaraan herinner om geduldig te wees met die proses én met mekaar.)

- Die bereidwilligheid om baie hard te werk (veral ágter die skerms) – o.a. praat, praat en nogmaals praat om misverstande te voorkom. En omdat die lede van die ATR uit verskillende historiese hoeke na die proses kyk, vind misverstande en miskommunikasie so maklik plaas! Voorbeelde daarvan is legio.

- Die nastreef van ’n gesamentlike visie op die toekoms: eenheid onder die inklusiewe Afrikaanse taalgemeenskap. Dit bly die ATR se droom en strewe.

- Die geloof dat die Afrikaanse taalgemeenskap die vermoë het om homself te organiseer. By tye is die lidorganisasies wel geneig om só van mekaar te verskil dat die groot doelwit soms maar op onvaste pote staan. ’n Klaarblyklike doring in die vlees skyn die term *Afrikaner* te wees, maar ons sal as taalgemeenskap daar moet verby kom.

- Toewyding tot en ’n strewe na versoening en inklusiwiteit binne die Afrikaanse gemeenskap.

- Die bereidwilligheid om aanpassings te maak soos die proses vorder, en die besef dat daar by tye selfs kompromisse aangegaan moet word. Die proses het laat blyk dat kompromisse van kernbelang is, sodat daar nooit ’n verloorsituasie vir enigiemand ontstaan nie.

- Die samewerking met die breë burgerlike gemeenskap – dus ’n soort vennootskap. By tye was (en is!) hierdie vennootskap maar broos, maar gelukkig is die ATR nog steeds op die regte koers.

- Die benut van die infrastruktuur van bestaande organisasies om take gedoen te kry. Eers het die FAK die ATR se sekretariaat behartig (2003–2007), en daarna die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (2007 – Junie 2012). Die werklikheid wat bestuur moet word, is dat die Suid-Afrikaanse regering nie werklik daarop ingestel is om Afrikaans (soos ook die swart tale) te bevorder nie, en dat hierdie gemeenskappe dit sélf sal moet doen, soos Le Cordeur tydens ’n beraad in Den Haag (3 Desember 2012 – vgl. Scholtz 2012:9) uitgelig het. Dit is dan inderdaad ook wat die ATR doen: koördineer en organiseer op so ’n wyse dat Afrikaans bevorder kan word. Hopelik word die Afrikaanse taalgemeenskap in hierdie proses ook ’n voorbeeld vir ander taalgroepe om hulself te organiseer.

Die ATR het in November 2011 sy derde algemene jaarvergadering in die Paarl gehou en daar is gerapporteer (Carstens 2011) dat die ATR stewig op koers is om die taak te verrig wat deur meer as 40 Afrikaanse organisasies aan hom opgedra is. Die ATR word sodoende 'n liggaam wat die volle Afrikaanse sprekersgemeenskap verteenwoordig en hy praat dan namens die versoende Afrikaanse gemeenskap. Op ’n bestuursvergadering van die ATR in Februarie 2012 is indringend besin oor hoe die ATR as liggaam die versoening sigbaar gestalte kan gee en daar is op verskeie positiewe stappe in hierdie verband besluit om politieke grense te help oorbrug en die fondament van versoening te bou.

Die hoop is dat deur die lede van die ATR (en ook ander Afrikaanssprekendes in eie kring) se beskeie individuele bydraes daar ’n heelmaakproses sal plaasvind in eie geledere. Die Afrikaanse gemeenskap kan nie en gaan ook nie vergeet wat in die verlede skeefgeloop het nie – soos Botha, teoloog van Unisa, sê: ons moet nie toegee aan die versoeking om óf net in die verlede te leef óf net na die toekoms te kyk nie (Botha 2009:12). Die vraag is hóé ons die verlede onthou sodat ons dit as basis kan gebruik vir ’n toekomsvisie. Ons moet dus waak teen *verknegtende* herinnering en eerder fokus op *verlossende* herinnering. Dit het die potensiaal om mense te bevry en te verander "as hulle begin onthou wie hulle eintlik saam met mekaar en vir mekaar kan wees in Suid-Afrika" (Botha 2009:12).

## 3. Samevatting: Die pad vorentoe

In hierdie artikel is iets meegedeel van die (soms) hartseer verlede van Afrikaans, van die stigma wat steeds daar lê; maar daar is ook berig van wat die ATR doen om seker te maak dat daar werklik versoening in eie geledere plaasvind. Die vraag mag wees hoekom die ATR dan so belangrik is en waarom die ATR sukses behaal het terwyl die vroeëre poging tot die Afrikaanse Oorlegplatform nie geslaag was nie. Die twee instansies se vertrekpunte verskil tog nie so baie nie. Die antwoord is eenvoudig: die tydsgees (bedoelende die politiek van die dag) was reg vir die ATR-proses (vgl. Steyn 1980:49–51, 54).

In die artikel het die klem ook sterk geval op die proses agter die produk. Dit is die enigste manier om te werk te gaan sodat die Afrikaanse gemeenskap stukkie vir stukkie ’n eie nuwe geskiedenis kan oopkap. In ’n onderhoud met Cilliers (2011) het ek hieroor gesê: “Alles is die resultaat van ’n lang proses van harde werk. Ons wil nie net praat oor samewerking nie, ons wil dit demonstreer en ’n omwenteling in die Afrikaanse gemeenskap bewerk – dat mense ’n versoende Afrikaanse gemeenskap sal nastreef.”

Die verlede sal altyd met ons wees en ons sal moet leer om dit te hanteer. Die ATR is van oordeel dat ons nie noodwendig die onregte moet vergeet nie (ons kán en dúrf ook nie, want dit het ons as taalgemeenskap verdeel), maar die ATR glo dat ons ook vorentoe moet kyk en gefokus moet bly op ons rol in die Suid-Afrika van vandag, en die Suid-Afrika van 100 jaar vorentoe.

Scholtz (2012a) sê daar is ’n voorwaarde hiervoor:

> Afrikaans se redding lê in oopmaak, in grense afbreek, en inklusiwiteit, nie in toemaak en afskerm nie. Afrikaans is groter as die Afrikaners, want laasgenoemdes deel hulle moeder met die meeste bruin mense en selfs sommige swart mense en Indiërs. [...] Afrikaans moet die instrument van aanvaarding en transformasie wees [...].

Daar moet aan Coetzee (2009) bewys word dat hy verkeerd is dat die einde van Afrikaans in sig is en dat dit moontlik is om, in Koopman (2009) se woorde, ’n waarlik “transformerende Afrikaans” tot stand te bring. Die negatiewe politiek van die verlede moet dus reg gelééf word. Van elke lid van die Afrikaanse taalgemeenskap kan ’n bydrae verwag word sodat die Afrikaanse gemeenskap weer heel kan word.

Hoe lyk die “telkaart” as teruggekyk word op die tyd wat sedert 2003 verloop het? Hoe is gevorder op die saamwerkpad?

| **Vereiste** | **Stand van vordering?** |
|---|---|
| Iemand moet die proses dryf. | Die direksie van die ATR verrig hierdie funksie (verteenwoordigend van 40 Afrikaanse lidorganisasies). |
| Daar moet ’n gedeelde langtermynvisie wees. | Daar is so ’n visie en dit word gereeld krities geëvalueer.<br><br>Die ATR se statuut bly die vertrekpunt: het koördinering en netwerkskepping ten doel.<br><br>Alle aksies word gemeet aan:<br><br>• Bemagtiging<br><br>• Bevordering<br><br>• Beskerming. |
| Daar moet eenheid ontwikkel in die geledere van die inisiatiefnemers. | Daar is goeie vordering (maar ook telkens haakplekke waardeur gewerk moet word). |
| Antagonisme en wantroue moet besweer word. | Dit verg konstante harde werk aan verhoudinge.<br><br>Die geskiedenis maak die ATR nog *verdelend*, maar die fokus bly ’n *gedeelde* verlede én toekoms. |
| Inklusiwiteit is die anker in hierdie proses. | Dit bly die fokus van die proses en is ononderhandelbaar. |

| | |
|---|---|
| Mense moet mekaar leer vertrou. | Goeie vordering, maar steeds ook dorings in die pad. |
| Die nastreef van eie belange is nie noodwendig fout nie, net solank daar wel ’n gesamentlike visie ontwikkel. | Dit bly die konstante strewe: ’n verteenwoordigende stem vir Afrikaans. |
| Daar moet ’n plan wees: Wat moet die uitkoms wees en hoe moet daarby uitgekom word? | Uitgespel in die statuut, asook in die rigtinggewende taalplanne (2005, 2012). |
| Streef voortdurend versoening na. | Praat met mekaar.<br><br>Luister en hóór.<br><br>Ontwikkel begrip vir mekaar se eiesoortige kontekste.<br><br>Identifiseer misverstande en ruim dit uit die weg. |

En dan rakende die nakom van die voorwaardes vir ’n taalbeweging (Steyn 1980):

| **Voorwaarde** | **Vordering?** |
|---|---|
| Daar moet heelwat mense wees wat die taal in hulle huise gebruik. | 6,4 miljoen mense gebruik tans Afrikaans as eerste taal in Suid-Afrika.<br><br>Afrikaans het die derde grootse groep moedertaalsprekers in Suid-Afrika.<br><br>Hiervan is ruweg 55% bruin moedertaalsprekers van Afrikaans.<br><br>Bykans 15 miljoen mense kan Afrikaans op die een of ander wyse in Suid-Afrika gebruik (eerste-, tweede-, derde- en vreemdetaalsprekers). |
| Daar moet intellektuele (mense met “propagandawaarde”) wees om die voortou te neem en mense te mobiliseer om betrokke te raak. | Daar is geïdentifiseerde persone uit ’n wyduiteenlopende spektrum wat die leiding in die taaldebat neem.<br><br>Burgerlike organisasies speel ’n kardinale rol. |
| Daar moet ’n reeks gebeure of prosesse wees om die massa tot optrede te prikkel. | Die afskaal van Afrikaans in verskeie sektore: staatsdiens, howe, media, skole, universiteite, taal van ekonomie, ens.<br><br>Die nienakoming van die taalbepalings in die |

| | |
|---|---|
| | Suid-Afrikaanse Grondwet. |

Flip Buys, die uitvoerende hoof van Solidariteit, het by geleentheid gesê (2004):

> Die Afrikaanse gemeenskap moet verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie toekoms en self aktief daaraan begin werk. Nie in isolasie nie, maar saam met geleentheidsvennote waar nodig en waar moontlik. Dit help nie om aan 'n afhanklikheids- of onttrekkingsindroom te ly nie. Die verlede gaan nie terugkom nie, die hede gaan nie weggaan nie en die toekoms laat nie op hom wag nie.

Daar wag dus werk op die lede van die inklusiewe Afrikaanse taalgemeenskap as ons die gesamentlike toekoms vir ons almal wil waar maak. Die ATR pak hierdie uitdaging met erns en met oortuiging aan en vra die lede van die Afrikaanse gemeenskap om dit sáám met hulle te doen (Carstens 2011). Daar moet saamgewerk word aan ’n stem wat daarop kan aanspraak maak dat “namens Afrikaans” gepraat word, en wat in die belang van Afrikaans dalk sal kan bydra tot ’n waarlik getransformeerde Afrikaans, oftewel ’n inklusiewe Afrikaans wat vir al sy sprekers voorsiening maak. Slegs as gesê kan word dat al Afrikaans se stemme verteenwoordig word, kan werklik van ’n getransformeerde Afrikaanse gemeenskap (en by implikasie van ’n getransformeerde Afrikaans) gepraat word.

So ’n inisiatief kan slaag slegs as dit deur die breë Afrikaanse gemeenskap ondersteun word, en eers as dít gebeur, sal ’n mens werklik kan begin praat van ’n geïntegreerde Afrikaanse gemeenskap wat almal eerder insluit as uitsluit. Van der Rheede (2012) sê die tyd het daarom aangebreek

> om ’n omvattende studie te doen en aan die hand van wetenskaplik nagevorste uitkomste ’n plan van aksie van stapel te stuur om Afrikaans in diens van sy totale sprekersgemeenskap te posisioneer en seker te maak dat dit waarde op elke terrein toevoeg. Vir so ’n aksie word die toewyding en ondersteuning van die totale Afrikaanse gemeenskap benodig.

Slegs langs hierdie weg lê die pad vir Afrikaans vorentoe – daar moet sáám gedink en sáám gedoen word en in hierdie proses moet dieselfde visie vir Afrikaans as taal van Suid-Afrika ontwikkel word. Afrikaans is nie ’n taal vir net een groep sprekers nie – daarvoor is die inherente verskeidenheid te groot (Van Wyk 2012b). Slegs as almal in die Afrikaanse gemeenskap doelbewus ingesluit word in prosesse en verwikkelinge, sal daar ’n gedeelde Afrikaanse visie ontwikkel kan word, en slegs as daar ’n gedeelde Afrikaanse visie is, kan daar gepraat word van die Afrikaanse gemeenskap wat homself waarlik aangepas en verander het in die Suid-Afrika ná 1994 (vgl. Cilliers 2012; Gouws 2012). Die ATR het duidelik in die uitvoer van sy take gehelp om die padkaart vir die proses uit te spel (Carstens 2007, 2009a, 2010c, 2011; Prinsloo 2008a, 2008b), maar harde werk lê nog voor, en wel op verskillende vlakke.

Die eindvraag is: Is versoening in Afrikaans haalbaar? Die antwoord is: Ja, mits Afrikaans, in die woorde van Steyn (1984:19-20), "iets beteken vir sowel die konserwatiewe as liberale deel van sy gemeenskap; [en as dit] [...] draer bly van die ideale, belange en strewes van wit en bruin" (en ook van swart sprekers) van Afrikaans. Dan sal ons Afrikaans kan heel maak. Die proses sal ook nie aangehelp word as daar aanmekaar "verskonings vir die onverskoonbare (= apartheid)" (Venter 2012) gevra word nie. Die rubriekskrywer Wilhelm Jordaan (2012a) gee hier waarskynlik die model om dit reg te kry – dit is na aanleiding van die bydrae wat Emily Hobhouse gelewer het om versoening tussen Boer en Brit na afloop van die Anglo-Boereoorlog te bewerkstellig. Dit behels ruweg die volgende aspekte/stappe:

- Vereenselwig jou "volledig en empaties" met die lot van die onderdrukte mense.

- Raak betrokke in "intens persoonlike kommunikasie" met die "lydendes".

- Raak betrokke by projekte "wat selfstandige eiehulp en die belewenis van selfbevoegdheid te midde van ellende bevorder". Doen dus iets om die omstandighede van die lydendes te verbeter. Doen derhalwe bemagtigings- en opheffingswerk waar jy kan.

- Die lydendes is geregtig op "menswaardige behandeling". Optredes moet daarom gekenmerk word deur "uiterste deernis en respek".

- Aanvaar "namens [jou] volk morele verantwoordelikheid vir die oorlog en vra om vergifnis".

Aansluitend hierby gee Terblanche (2012) enkele riglyne vir versoening aan na aanleiding van oudpresident Nelson Mandela se strewes om ná die oorgang in 1994 ook uit te reik na minderheidsgroepe, soos die wit Afrikaanssprekendes. Dit word hier onder slegs genoem en nie verder toegelig nie:

a) Klem op die gemeenskaplike geskiedenis van swart mense en Afrikaners.

b) Die belangrikheid om met mekaar te praat en na mekaar se luister.

c) Die gesonde balans tussen Afrikanerskap en Suid-Afrikanerskap.

d) Die erkenning van Afrikaans as 'n belangrike deel van die land se kultuur.

e) Onderwys in Afrikaans, dus moedertaalonderwys.

f) Die indiensneming van Afrikaners.

g) Afrikaners moet nie op die kantlyn staan nie.

h) Nelson Mandela het apartheid verafsku, maar hy het nie haat en bitterheid in sy binneste vertroetel nie.

i) Sport was vir Nelson Mandela van die uiterste belang in sy passie om versoening teweeg te bring.

j) Ontwikkel ’n versoeningsvisie.

Jordaan (2012a) sê dit is nodig om te besin oor die regte vorm van versoening in die Suid-Afrika ná 1994: “Van 1994 tot nou word sporadies geteoretiseer, gepraat, geskryf en gestry oor die gepaste vorm van en inhoud van versoening in Suid-Afrika.” Die vraag wat hieruit voortvloei, is: Wat hou versoening dan in? Is dit net ’n “Ek is jammer” en dan aangaan met die lewe? Gous (2012, my beklemtoning) verduidelik dit soos volg: “Vir versoening om plaas te vind, moet die oortreder *erken* ’n oortreding is gepleeg. Dit is dus ’n twee-persoon-proses waar albei die *verhouding* wil herstel en *vertroue* van nuuts af opgebou moet word.

Hoe raak hierdie stappe versoening vandag in Suid-Afrika, veral versoening tussen die swart, wit en bruin sprekers van Afrikaans? Weer eens is die proses wat gevolg moet word, van groot belang: die luister met ’n oop gemoed, die aanhoor van slegte ervarings, die oopstel vir en die skep van oop kommunikasie tussen swart, wit en bruin sprekers, die luister na mekaar se persepsies en ervarings van en oor die verlede, die gelyke behandeling van mense (die menswaardigheid waarvan die Grondwet melding maak), erkenning van die onreg wat gepleeg is en ook boetedoening deur bemagtigende optredes by die voorheen benadeeldes.

Fuller (2010, my beklemtoning, WMC) verwys in hierdie verband na ’n versoeningsproses wat in die Worcesterse gemeenskap aan die gang is na aanleiding van die gevolge van ’n bomontploffing in Desember 1996. Vier mense is dood en meer as 70 beseer – almal swart of bruin mense (vgl. ook Wessels 2012). Die pyn van hierdie ontploffing word verwoord deur een van die beseerdes, wat die volgende eis gestel het: “Those who supported the system of apartheid need to *apologize* in a way that will *feel sincere*. Then they *need* to *make amends* in a way that restores some of the *dignity* and some of the material opportunities that had been eroded under that system.”

Wessels (2012:5) sluit hierby aan as hy sê:

> Versoening is ’n duur woord. Dit word goedkoop gemaak wanneer dit as politiek korrekte woord oor ons lippe rol. Indien dit nie gepaard gaan met ’n begrip (of ten minste ’n ernstige poging om te begryp) van die pyn wat die verlede veroorsaak het nie, rol versoening soos water van ’n eend se rug.

Die DA-politikus Wilmot James (2012, my beklemtoning) druk hom soos volg oor hierdie versoeningsproses uit:

> [A]s a nation, we don’t really understand each other. We might think we do, or we may presume that it doesn’t matter if we don’t, but it regularly leads to

> situations where, when we engage with each other in important conversations, we end up talking past each other in mutual incomprehension. Because we don't grasp the historical or cultural foundations upon which others speak, we try to communicate with only our own perspective in mind, never that of the neighbour we interact with.
>
> [...] I worry that *we lack the will and interest to learn about each other* in a *manner* that will foster reconciliation, the main quality *necessary* for lasting stability, prosperity and national unity.

Volgens James (2012, my beklemtoning) is versoening nie bloot net 'n emosionele belewing van die deel van gevoelens (soos by die verhore van die Waarheid-en–Versoeningskommissie) nie, en dit is by tye nie voldoende om versoening op hierdie wyse te verkry nie. Méér as dit is nodig: daar moet iets meer blywend wees, iets sterkers:

> We need *knowledge* of each other. We need *insight* into one another's circumstances. We need *understanding*. We need *empathy*. We need to be able to see the world through each other's eyes. It will not be easy. It will take time. It requires hard work. It requires commitment and real investment. We need to take an interest in the histories, languages, experiences and cultures of the people around us [...]. To achieve reconciliation's objectives, why not ask your neighbour to tell their stories so that everyone can begin to give a damn about one another's welfare.

Dit is al 'n stap in die regte rigting. Ons hoef ook nie te wag dat 'n hele groep dit doen nie. Soos Cornelius (2012b) dit stel: "Dit is verbasend hoeveel al vermag kan word wanneer selfs net één mens 'n verskil probeer maak." (Vergelyk hierby aansluitend Fuller 2010 en Wessels 2012 vir 'n beskrywing van die verloop van die versoeningsproses in Worcester.) Dit word dus 'n *individuele* én 'n *groepservaring*.

Jordaan (2012b) verwys na die positiewe stappe wat reeds op grondvlak begin plaasvind:

> "[A]l gaan dit nog plek-plek voel-voel en sukkel-sukkel, kom swart, bruin en wit mense op grondvlak al hoe beter met mekaar oor die weg en werk saam aan baie soorte projekte waarin gemeenskaplike waardes en belange saambinding versterk."

Die aanpak van so 'n versoenings- en saambindingsproses mag ook nie paternalisties wees nie; dit moet spreek van eerlikheid en opregtheid, van 'n erns om 'n verskil te wil maak. Dit is 'n lang en soms moeilike pad (met baie dorings en slaggate) om te loop, maar die Afrikaanse gemeenskap sal in sy totaliteit wel hierdie pad móét loop – individueel én as groep. Michael le Cordeur (2012b), voorsitter van die ATR, het in 'n e-pos aan my hieroor gesê: "Aan die einde van die dag is ons almal in dieselfde bootjie, en ons sal mekaar moet

help om daardie bootjie te maak roei, as ons die ander kant wil haal." Dus: saam skouer aan die wiel sit om as taalgemeenskap 'n toekoms te kan hê. (Vgl. Scholtz 2012b.)

Japie Gouws van die ATKV spreek moontlike die verlossende woorde in hierdie hele proses (Gouws 2012):

> Afrikaans is 'n inklusiewe instrument wat die vermoë het om te sorg dat mense vanuit verskillende kulture mekaar beter kan verstaan. Daarom moet ons nie skaam wees om Afrikaans juis oor kultuurgrense heen te gebruik en te bemark nie.
>
> Deur 'n inklusiewe benadering met taal en kultuur te volg, verseker 'n mens goedgesindheid, begrip en kommunikasie wat nie so maklik met ander middele bereik kan word nie.

Ter afsluiting, die woorde van biskop Desmond Tutu toe hy onlangs in die Groote Kerk in Kaapstad gepreek het: "Moenie op die kantlyn staan nie. Raak betrokke. Help hierdie land, jóú land – help dat dit die soort land word wat God wil hê dit moet wees" (in Gerber 2012).

Vir alle Afrikaanssprekendes lê die taak nou voor om 'n persoonlike en groepsversoeningsprojek "in die straatjies en gangetjies van die alledaagse lewe tot wasdom te bring" (Redaksioneel 2012b). Die resultaat van 'n onlangse markondersoek (soos gerapporteer deur Van Wyk 2012a) toon dat Afrikaanssprekendes hulle tog nie as ontnugter, pessimisties of sonder 'n tuiste in Suid-Afrika beskou nie. Hulle is mense wat eerder fokus op oplossings as op die probleme, solank as wat hulle taal en kultuur gerespekteer en waardeer word. Dan raak hulle raakvatters en bydraers tot die skat van Suid-Afrika.

**Bibliografie**


ATR. s.j. Webblad: http://www.afrikaansetaalraad.co.za.

Botha, N. 2009. Om weer heel te maak. *Beeld*, 28 September, bl. 12.

Brand, G. 2004. Op pad na 'n Afrikaanse forum. 26 April. http://www.litnet.co.za/taaldebat/forum.asp (27 Mei 2004 geraadpleeg).

—. 2009. Het verzoeningsdiscours in Zuid-Afrika. http://www.litnet.co.za/Article/het-verzoeningsdiscours-in-zuid-afrika (7 September 2009 geraadpleeg).

Breytenbach, B. 1996. Mondvol: gedagtes oor Afrikaans en *saamstaan*. *Die Burger*, 5 Oktober.

Brink, C. 2006. Nasionale strategie vir Afrikaans ’n goeie idee. In Prinsloo (red.) 2006a.

Buys, F. 2004. Afrikaners moet hul toekoms help vorm. *Rapport* – Perspektief, 20 Junie, bl. II.

—. 2012.Van twee na veel na een. *Beeld*, 4 Desember, bl. 11.

Carstens, A. en H. Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Carstens, W.A.M. 1994. Om ou koeie uit die sloot te grawe: is daar lesse te leer uit die verlede? Enkele kantaantekeninge. *Literator,* 15(2):16–33.

—. 2003. ’n Afrikaanse taalinstituut – Ja of nee? Ongepubliseerde referaat gelewer tydens FAK se ope gespreksforum oor “’n Groter voetspoor vir Afrikaans”, 13 September, Pretoria.

—. 2004a. Afrikaans – tien jaar later (1994-2004). Ongepubliseerde referaat gelewer tydens simposium van SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 25 Junie, Potchefstroom.

—. 2004b. Die ontwikkeling van ’n nasionale strategie vir Afrikaans – enkele gedagtes en wenke. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens simposium van PanSAT oor “Innovation, good practice and relevance in language research”, 29 September, WNNR-konferensiesentrum, Pretoria.

—. 2005. En nou Afrikaans? Resente verwikkelinge in die Afrikaanse debat. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens simposium van SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 24 Junie, Pretoria.

—. 2006a. Die breë Afrikaanse debat (1994-2005): enkele temas en inisiatiewe. Supplement Moedertaalonderrig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48(2):1–19.

—. 2006b. Praktiese meertaligheid in Suid-Afrika – feit of fiksie? *Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(1):1–19.

—. 2006c. Waarom ’n Nasionale Forum vir Afrikaans? Op pad na ’n getransformeerde Afrikaans. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens jaarsimposium van die SA Akademie vir Wetenskap en kuns, 23–24 Junie, Bloemfontein.

—. 2007. Op pad na ’n getransformeerde Afrikaanse gemeenskap – die rol van die Nasionale Forum vir Afrikaans (NFA). Ongepubliseerde referaat gelewer tydens MIDP-kollokwium, 26–28 November, Universiteit van Antwerpen, Antwerpen, België.

—. 2009a. Ongepubliseerde eerste voorsittersrede van die ATR. Augustus, Pretoria.

—. 2009b. Die ontpolitisering van Afrikaans deur 'n nasionale strategie vir Afrikaans. Ongepubliseerde lesing gelewer tydens Roots-konferensie, 22–23 September, Universiteit van Wes-Kaapland.

—. 2010a. Die rol wat die Afrikaanse Taalraad speel tot die bevordering van Afrikaans as universiteitstaal. Ongepubliseerde Marie Luttig-gedenklesing, 13 Augustus, Hugenote-Gedenkskool, Kleinbosch, Dal Josafat, Paarl.

—. 2010b. Waarheen met Afrikaans? – My droom vir Afrikaans. Ongepubliseerde lesing gelewer tydens die Jaarsimposium van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, 30 September – 1 Oktober, Universiteit van Pretoria.

—. 2010c. Ongepubliseerde tweede voorsittersrede van die ATR. 26 Augustus, Kunstekaap, Kaapstad.

—. 2011. Ongepubliseerde derde voorsittersrede van die ATR. 19 November, Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.

Cilliers, S. 2011. Een van daardie "wow"-oomblikke. Afrikaanse organisasies deel nou hulle kennis. *Beeld*, 3 Februarie, bl. 11.

Coetzee, A. 2009. Minderheidstale – verdwynende tale. Die gedagtes van 'n bittereinder. LitNet. http://www.litnet.co.za/Article/minderheidstale-verdwynende-tale-die-gedagtes-van-n-bittereinder (15 Mei 2009 geraadpleeg).

Cornelius, S. 2012a. Reaksie op artikel van Malan. LitNet. http://litnet.co.za/Article/litnet-akademies-taalwet-of-talewet-die-rol-van-taalbewussyn-om-die-uitkoms-te-bepaal (27 Februarie 2012 geraadpleeg).

—. 2012b. Opgee, weggee en padgee? Nee! *Beeld*, 7 Junie, bl. 15.

Cornelius, S. en K. Malan. 2012. Taalwet magteloos teen "representivity". *Rapport*, 22 Januarie, bl. 12.

Dawie. 2004. Dra nou geesdrif oor na praktyk. *Die Burger*, 28 Augustus, bl. 22.

De Freitas, M. 2012. Modelle se berou eggo deur nasie. *Die Burger*, 16 Mei, bl. 10.

De Stadler, L. 2012. Mense verdruk, tale nie. *Beeld*, 21 Maart, bl. 9.

De Vos, P. 2012. Wie noem jy wit? 'n Les vir "lefties". *Beeld* – BY, 20 April, bl. 4.

Du Plessis, H. en L.T. du Plessis (reds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 Opstelle*. Pretoria: HAUM-Opvoedkundige Uitgewery.

Du Plessis, H. 1992. *En nou, Afrikaans?* Pretoria: J.L. van Schaik.

Du Plessis, T. 2010. ’n Taalwet vir Suid-Afrika? Die rol van sosiolinguistiese beginsels by die ontleding van taalwetgewing. *LitNet Akademies*, 7(2):65–97. http://www.oulitnet.co.za/akademies_geestes/pdf/LA_7_2_duplessis.pdf.

—. 2011a. Hoe ons klink en lyk in 2011. *Rapport* – Nuus, 2 Oktober, bl. 2.

—. 2011b. Afrikaanses aan’t uitsterf. *Rapport* – Nuus, 11 Desember, bl. 2.

—. 2012a. Reaksie op artikel van Malan 2012. LitNet. http://litnet.co.za/Article/litnet-akademies-n-nasionale-taalwet-vir-suid-afrika-noodsaaklik-vir-die-behoud-van-inhe (27 Februarie 2012 geraadpleeg).

—. 2012b. ’n Kritiek op ’n normatiewe vergelyking van die 2003- en 2011-weergawes van die South African Languages Bill aan die hand van sosiolinguistiese beginsels van taalwetgewing. *LitNet Akademies*, 9(2):309–3. http://litnet.co.za/assets/pdf/2GWduPlessis.pdf.

Du Toit, Z.B. 2005. Bruin en wit verskil oor Afrikaans. *Rapport* – Perspektief, 24 Julie, bl. 2.

Essop, P. 2012. Zille het opdrag vir land wat nou mondig is. *Beeld*, 28 April, bl. 2.

Esterhuyse, W. 2005. Afrikaners moet weer vóórtrekkers word. *Rapport* – Perspektief, 10 Julie, bl. 2.

Fuller, A. 2010. Mandela’s children. *National Geographic*, Junie.

Gerber, J. 2012. Tutu sê God omhels Verwoerd én Hani. *Die Burger*, 23 April, bl. 5.

Giliomee, H. 2012a. Afrikanernasionalisme, 1902-1924. In Pretorius (red.) 2012.

—. 2012b. Apartheid: ’n ander blik. In Pretorius (red.) 2012.

—. 2012c. ’n “Gesuiwerde” nasionalisme, 1924-1948. In Pretorius (red.) 2012.

—. 2012d. “Aanpas of sterf”, 1978-1994. In Pretorius (red.) 2012.

—. 2012e. Opstand, oorlog en oorgang, 1984-1994. In Pretorius (red.) 2012.

Giliomee, H.B. en L. Schlemmer (reds.). 2001. *Kruispad. Die toekoms van Afrikaans as openbare taal*. Kaapstad: Tafelberg.

Goosen, J. 2006. *Ons is nie almal so nie*. Kaapstad: Kwela Boeke.

Gous, A. 2012. Vergifnis. *Rapport* – Rapport-Vrou, 7 Oktober, bl. 8.

—. 2012. Verstaan ander se ras-ervarings. *Die Burger*, 22 April, bl. 12.

Gouws, J. 2012. Kultuur wat uitnooi. *Taalgenoot*, Herfs, bl. 9.

—. 2012. Sê waar Voortrekkers oor moord spog. *Beeld*, 18 Februarie, bl. 10.

Grobler, J. 2012. Swart verset teen apartheid, 1950's–1980's. In Pretorius (red.) 2012.

Jackson, N. 2012. Was apartheid rêrig verkeerd? *Beeld*, 9 Februarie, bl. 14.

James, W. 2012. We so easily talk past each other. *The Star*, 14 Julie, bl. 14.

Jansen, J. 2004. Vyande van Afrikaans doem op by Taalberaad. *Die Burger*, 21 September, bl. 10.

Jordaan, W. 2012a. 'n Model in die plek van futlose versoening. *Beeld*, 2 Mei, bl. 10.

—. 2012b. 'n Visie vir SA wat 35 jaar later steeds voortleef. *Beeld*, 19 September, bl. 10.

Joubert, J. 2012a. "Afrikatale moet leer by Afrikaans". *Beeld*, 25 April, bl. 4.

—. 2012b. "SA moet openlik oor rassevooroordele praat". *Beeld*, 21 Mei, bl. 4.

Koopman, N. 2009. Transformerende Afrikaans. Die 3de Mathews Phosa-lesing, Afrikaanse Taalmuseum, Paarl, 12 Augustus.

Le Cordeur, M. 2012a. Jou taal is jou reg. *Beeld*, 28 Februarie, bl. 15.

—. 2012b. Persoonlike mededeling per e-pos. 3 Mei.

Le Cordeur, M.L.A., R. Olivier, D. Prinsloo en J. van der Elst (redaksionele komitee). 2012. 16 Junie 1976. 35 jaar later. Jeugberaad aangebied deur die Afrikaanse Taalraad as deel van die US Woordfees 11 en 12 Maart 2011. Pretoria: SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Lloyd, J. 2005. Wit, bruin Afrikaanses is nog maar apart. *Rapport*, 16 Januarie, bl. 15.

—. 2011. Nuwe wet eerste stap om verengelsing te keer. *Rapport* – Weekliks, 31 Oktober, bl. 2.

Makhanya, M. 2010. Afrikaners set a fine example championing their language. *The Sunday Times*, 24 Januarie, bl. 6.

—. 2011. Will this nation allow its languages to die out – from sheer neglect? *The Sunday Times*, 1 Mei, bl. 10.

Malan, K. 2008. Observations and suggestions on the use of the official languages in national legislation. *SA Public Law/Publiekreg*, 23(2):59-76.

—. 2010. Die Grondwet, onderwysowerhede en die pad vorentoe vir Afrikaanse skole. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(20):261–84.

—. 2012. ’n Oorweging van die sosiopolitieke kragte wat inwerk op die betekenis en toepassing van die diskresionêre taalklousule van die Suid-Afrikaanse grondwet. *LitNet Akademies*, 9(1):55–78. http://litnet.co.za/assets/pdf/3_KMalan.pdf.

Marais, D. 2012. Tussen die harpoen en die rubberboot lê die duiwel én die diep blou see? *Beeld* – BY, 28 April, bl. 5.

Muller, P.J. 2000. D.F. Malherbe as taalstryder. Gedenklesing 19. *Acta Varia*. Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

NTLA. 2003. Mediaverklaring deur die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans op 21 November – “’n Nasionale strategie vir Afrikaans in wording”. LitNet. http://www.litnet.co.za/taaldebat/ntla.asp (27 Mei 2004 geraadpleeg).

October, A. 2012a. “Staan op vir Afrikaans”. *Beeld*, 3 Maart, bl. 6.

—. 2012b. Taalwet-wending. *Beeld,* 8 Maart, bl. 4.

Olivier, A. 2003a. Skep ’n manier vir kinders, nuwe praters om Afrikaans te leer, sê taalmense. Plant nou, oes later. *Beeld*, 12 Augustus, bl. 11.

—. 2003b. Taalinstituut vir Afrikaans kry wye steun. *Beeld*, 18 Augustus, bl. 9.

—. 2003c. Afrikaans los kokon. Organisasies span saam om taal te bou en te bevorder. *Beeld*, 5 Desember, bl. 17.

—. 2003d. Praat uit een mond. Pansat vra roetekaart vir Afrikaans. *Die Burger*, 9 Desember, bl. 17.

—. 2004a. Beraad gaan Afrikaans help. *Beeld*, 21 Junie, bl. 4.

—. 2004b. Saam deur pyn – wit en bruin moet eers harte oopmaak. *Beeld*, 3 September, bl. 7.

Pakendorf, G. 2012. Tyd om nederiger oor wittes se rol te wees. *Die Burger*, 21 Mei, bl. 12.

Pelser, W. 2012. Mulder oor ’n rok en die minister. *Rapport* – Weekliks, 21 Oktober, bl. III.

Pienaar, L. 2004. Die Soweto-onluste van 16 Junie 1976 en die gevolge daarvan vir Afrikaans. In Van Rensburg (red.) 2004.

Pretorius, F. (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

Prinsloo, K. (projekleier). 2004. Verslag van 'n taaloudit oor Afrikaanse taalprojekte, verenigings en energieë, 2004. Verslag gereproduseer deur *Rapport* en versprei tydens die Afrikaanse Taalberaad in Stellenbosch, 25-27 Augustus.

—. 2007. Opname oor Afrikaanse projekte en aktiwiteite op 'n plaaslike munisipale vlak in Suid-Afrika, 2006. Ongepubliseerde navorsingsverslag versprei by die Tweede Afrikaanse Taalberaad, gehou in Pretoria op 23–24 Februarie.

Prinsloo, K. (red.). 2006. Op pad na 'n taalstrategie vir Afrikaans. Verslag gereproduseer deur Content Solutions en versprei deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Maart.

—. 2008a. Die Afrikaanse "ons" en die nodigheid van 'n Afrikaanse Taalraad. Verslag gereproduseer deur CRINK en versprei deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, April.

—. 2008b. Die Afrikaanse Taalraad kom tot stand. Verslag gereproduseer deur CRINK en versprei deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, November.

Prinsloo, K.P. en M.C.J. van Rensburg (reds.). 1984. *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.

Rantoa, J. 2005. Government should do away with Afrikaans medium schools. *Cape Argus*, 23 Februarie, bl. 9.

Redaksioneel. 2012a. ANC moet weer dink oor taalwet. *Beeld*, 5 Maart, bl. 11.

—. 2012b. Vryheidsdag vra baie van ANC en SA. *Die Burger*, 27 April, bl. 9.

Rossouw, A. 2012. Wêrelddag vir Verdraagsaamheid: 16 November. F.W. de Klerkstigting. http://www.fwdeklerk.org/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=2137&news_id=116270&cat_id=1597#.UPftkPJSSkc (15 November 2012 geraadpleeg).

Scholtz, L. 2012a. Taal gaan nie maklik onder. *Die Burger*, 20 April, bl. 11.

—. 2012b. Afrikaans kry vlerke, hoor raad. *Beeld*, 4 Desember, bl. 9.

Slabbert, V. 2005. Kô lat ôs dink! *Insig*, November, bl. 10.

Steenkamp, L. 2012. "Snert" dat ANC Afrikaans haat. *Rapport*, 11 Maart, bl. 7.

Steinmair, D. 2004. Vrae aan rolspelers in die Taalberaad. LitNet. http://www.litnet.co.za/heupvuur/taalberaad.asp (4 Oktober 2004 geraadpleeg).

Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 1984. Die oorlewing van Afrikaans. In Prinsloo en Van Rensburg (reds.) 1984.

—. 1998. Nuwe aktiwiteite rondom Afrikaans: die totstandkoming van ’n “Afrikaanse Oorlegplatform”. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 38(4):253–64.

—. 2000. As jy op my liddoring trap, gaat ek jou slaat, vir ou goete ook. *Beeld*, 16 Junie, bl. 11.

Steyn, J.C. en A. Duvenhage 2011. Taalverskuiwing en taalhandhawing in die Afrikaanse gemeenskap: tendense en toekomsperspektiewe. *LitNet Akademies* 8(3):195–241. http://www.litnet.co.za/assets/pdf/8_steyn_en_duvenhage.pdf.

Terblanche, O. 2012. Riglyne vir versoening. *Die Burger*, 7 Junie, bl. 13.

Titus, D. 2009. Reaksie op Nico Koopman se "Transformerende Afrikaans". LitNet. http://www.litnet.co.za/Article/reaksie-op-nico-koopman-se-transformerende-afrikaans-danny-titus (18 September 2009 geraadpleeg).

—. 2012. Sal ons by een wêreld uitkom? *Beeld*, 3 Mei, bl. 11.

Van der Berg, S. 2003. Taalverskuiwing in Afrikaans. ’n Ontleding van die sensusdata. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 43(3/4):177–87.

Van der Rheede, C. 2005. Afrikaans ’n brug tussen ryk en arm. *Rapport*–Nuus, 30 Oktober, bl. IV.

—. 2012. Afrikaans: probleme en oplossings. http://maroelamedia.co.za/blog/die-groot-debat/afrikaans-probleme-en-oplossings (11 April geraadpleeg).

Van Louw, C. 2003. ’n Nasionale strategie vir Afrikaans. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens FAK se ope gespreksforum oor “’n Groter voetspoor vir Afrikaans”, 13 September, Pretoria.

—. 2005. Afrikaans: ’n tuiste vir almal. LitNet. http://www.litnet.co.za/seminaar/afrikaans_van_louw.asp (1 November 2005 geraadpleeg).

Van Oort, C.P. 2008. Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

Van Rensburg, F.I.J. (red.). 2004. *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Oor die depolitisering van Afrikaans: vertrekpunte vir 'n gesprek. *Tydskrif vir Letterkunde*, 27(2):42–7.

—. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In Webb (red.) 1992.

—. 1999. Afrikaans and Apartheid. *International Journal for the Sociology of Language*, 136:77–96.

Van Rensburg, C. (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Wyk, A. 2012a. SA nie so sleg, sê hulle. *Beeld*, 16 Maart, bl. 13.

—. 2012b. "Jy behou jou identiteit". Onderhoud met dr. Danny Titus. *Beeld*, 28 April, bl. 11.

Venter, A. 2012. Verskoning vir die onverskoonbare. *Beeld* – BY, 2 Junie, bl. 5.

Venter, M. 2009. Laat die spoke nou met rus. *Die Burger*, 18 September, bl. 13.

Vosloo, J. 2004. Taalberaad: Dis nog 'n wonder van Afrikaans. *Rapport*, 29 Augustus, bl. 18.

Webb, V.N. 1997. Afrikaans in een democratiserend Zuid-Afrika. *Ons Erfdeel*, 40(2):225–36.

—. 2001. Die bevordering van Afrikaans. In Carstens en Grebe (reds.) 2001.

Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Webb, V.N. en L.T. du Plessis (reds.). 2006. *The politics of language in South Africa*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Wessels, L. 2012. My voete loop na Worcester, waar versoening lewe kry. *Beeld* – BY, 20 Oktober, ble. 4–5.

Willemse, H. 2005a. Afrikaans-stryd bly etniese stryd. *Beeld*, 11 Oktober, bl. 10.

—. 2005b. Taal, identiteit en Suid-Afrika: Op soek na 'n ruim belewing van Afrikaans. Voordrag gelewer tydens 3de Swart Afrikaanse Skrywersimposium, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville, 20–22 Oktober. LitNet. http://www.litnet.co.za/seminaar/afrikaans_hein_willemse.asp (1 November 2005 geraadpleeg).

—. 2011. Toespraak tydens die 1ste Jaarvergadering van die Kaapse Kunste- en Uitsaai-assosiasie (KKUA) en Radio Kaapse Punt, Morawiese Kerksaal, Albertweg, Landsdowne, Kaapstad. 16 Julie.

Yitzhaki, D. 2012. Questions for Theodorus du Plessis. *Journal for Language Policy*, 11:273–84.

**Eindnotas**

[1] Hierdie artikel word opgedra aan dr. Gerrit Brand (1970-2013) wat so ’n groot rol gespeel het in die formulering van die strewes wat uiteindelik tot die totstandkoming van die Afrikaanse Taalraad gelei het.

[2] Hierdie artikel is ’n verwerking en aanpassing van ’n referaat getitel “Versoening in Afrikaans – is dit haalbaar?” wat op 28 Mei 2012 as die 31ste D.F. Malherbe-gedenklesing aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein gelewer is.